Changes in the income and spending of households, companies and the general government will inevitably have an impact on the savings ratios of these spending entities. Data revisions will have similar effects. The revised estimates of income and expenditure caused changes in the overall level of saving, but the broad tendencies and ratios of savings behaviour as reflected by the previous estimates were left essentially unaltered. General government saving, however, was transformed from negative amounts in 1982 and 1983 to small positive amounts in these two years.

Revision of tables

One of the existing set of published tables contains information of the constituent parts of national income and the disposal of national income. A new table has been designed specifically to illustrate the allocation of national disposable income between consumption and saving.

Other adjustments

Other adjustments were effected on account of the reclassification of the former parastatals, Sasol One and Sasol Two, as private business enterprises instead of as public corporations. Although the changed status of these concerns took place at an earlier date, the reclassification concerned was delayed until such time as a wide-ranging revision of the national accounts was undertaken.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die vierde kwartaal van 1988 nog steeds 'n opmerklik stiewige voorkoms getoon. Die jaarkoers van toename in die *reële bruto binnelandse produk* in hierdie kwartaal, wat bykans drie persent beloop het, was min of meer in ooreenstemming met die groeikoers vir 1988 in sy geheel, wat, op sy peil van ietwat meer as 3 persent, op 'n hoër vlak te staan gekom het as wat algemeen verwag is.

Byna al die sektore van die ekonomie het in die vierde kwartaal van 1988 reële groei ondervind. Ten aansien van die kalenderjaar in sy geheel het die sektore buite die landbou en die nie-primêre sektore bogemiddeld hoë groeikoerse aangeteken. Die groeikoerse van die reële produksie in die sekondêre sektore en in die fabriekswese het indrukwekkende syfers ter grootte van $5\frac{1}{2}$ en 6 persent bereik.

Die totale *reële bruto binnelandse besteding* was in die kalenderjaar 1988 meer as 7 persent hoër as in 1987. Hierdie sterk toenamekoers het die groeikoers van ongeveer 4 persent in die voorafgaande jaar aanklik oorskry.

Die totale *reële bruto binnelandse besteding* het in die eerste kwartaal van 1988 sterk toegeneem, in die tweede kwartaal meer horisontaal verloop en vervolgens in die derde kwartaal in nogal heel beduidende mate teruggesak. Daarna het dit in die vierde kwartaal weer eens sywaarts beweeg, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat verdere toenames in die reële private verbruiksbesteding, 'n verdere opmerklike styging in die totale *reële bruto binnelandse vaste investering* en 'n toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding deur 'n verdere intering op die reële voorrade geneutraliseer is. Vanweë die vermindering van die totale reële voorrade in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1988, kon die opvallende sywaartse verloop en matige insinking van die totale *reële bruto binnelandse besteding* in die loop van 1988 vanaf die hoë vlak wat dit in die eerste kwartaal bereik het, moontlik 'n oordrewe indruk geskep het van 'n vermindering van die lewendigheid in die totale *reële binnelandse finale vraag*.

Verskeie uitgesoekte konjunktuuranalysers het volgens hul verloop in die vierde kwartaal van 1988 nietemin nog steeds daarop gedui dat die ekonomiese oplewing wel die beginstadiums van 'n verlangsamingsbereik het. Die saamgestelde samevallende konjunktuuranalysers het tot in September-Oktōber 1988 verder gestyg. Die *leidende aanwyser* het egter in Oktōber 'n betekenisvolle verdere daling getoon.

Die fisiese omvang van die fabrieksproduksie het in Oktōber-November 1988 gemiddeld matig vanaf die hoë vlak daarvan in die derde kwartaal afgeneem. Die groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse was in die vierde kwartaal laer as in die derde kwartaal. Die waarde van die goedgekeurde residensiële bou-

planne, wat in die derde kwartaal reeds betekenisvol gedaal het, het in Oktōber-November 'n aansienlik versnelle afname getoon. Hierbenewens het belangrike finansiële instellings teen die einde van 1988 en in die eerste paar maande van 1989 te kenne gegee dat sekere "kolle" in die kredietvraag die eerste tekens van 'n vraagverslapping begin toon het.

In teenstelling hiermee het dit in Januarie en Februarie 1989 gelyk asof 'n verskeidenheid faktore hul kragte saamgesnoer het om die vlak van die totale binnelandse vraag te ondersteun, die vraag na bankkrediet in die algemeen op 'n hoë peil te handhaaf en 'n klimaat van sake-optimisme en verbruikersvertroue in stand te hou. Onder sodanige faktore was byvoorbeeld die verhoging van salaris in die openbare sektor en ander loonverhogings wat vanaf die begin van die jaar in werking getree het, die verhoogde owerheidsbesteding in die finale stadiums van die fiskale jaar 1988/89, die vooruitsigte vir goeie landbou-oeste in die loop van 1989, die stukrag wat in die reële vaste binnelandse kapitaalvorming opgebou het en die lewenskragtigheid van die aandelebeurs in Februarie en Maart. Die vooruitsigte dat die inflasie sou vererger en dat die wisselkoers van die rand verder sou verswak, is nog steeds as redes aangevoer om "voorkoop"-aankope te doen en om bestedingsplanne vroeg ten uitvoer te bring. Goeie of uitstekende finansiële resultate van maatskappye en die hoë peil van die winsgewendheid van sakeondernemings in die algemeen was, volgens wat verneem is, ook besig om hoër looneise uit te lok as wat andersins gestel sou gewees het en om die bereidwilligheid van werkgewers om aan sodanige looneise toe te gee, te verhoog.

Die meer horizontale verloop en matige insinking van die totale *reële bruto binnelandse besteding* ná die eerste kwartaal van 1988 het daartoe geleid dat die groei in die totale produksie in die loop van 1988 meer deur die uitvoer aangedryf geword het. Die opmerklike verdere kragherwinning wat die Suid-Afrikaanse goede-uitvoer veral in die tweede helfte van 1988 aan die dag gelê het, was die belangrikste faktor wat meegebring het dat die effense tekort wat in die eerste kwartaal van 1988 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken is, in al hoe groter oorskotte omskep is wat in die vierde kwartaal, teen 'n jaarkoers bereken, 'n peil van R5,4 miljard bereik het. Die oorskot op lopende rekening van R2,9 miljard gedurende 1988 in sy geheel was groter as die meeste vooruitskattingen en projeksies daarvan wat vroeër in die jaar opgestel is.

Tesame met die opmerklike verdere verstewiging van die lopende rekening, het 'n heelwat kleiner uitvloeiing van nie-reserweverwante kapitaal in die vierde kwartaal van 1988 ook daartoe bygedra om die afname in die Suid-Afrikaanse bruto goud- en ander buitelandse reserwes in Desember 1988, asook in Januarie en Februarie 1989, tot stilstand te bring. Die effektiewe wisselkoers van die rand het, nadat dit gedurende die

eerste tien maande van 1988 bykans aanhoudend verswak het, ná die eerste paar dae van November weer verstewig. In Januarie 1989 het die rand veld verloor teenoor die verstewigende dollar, maar teenoor alle ander belangrike geldeenhede sterker geword. In Februarie het hernieuwe swakte van die dollarprys van goud, en verdere verstewiging van die dollar in die internasionale valutamarkte, egter al die vordering uitgewis wat die effektiewe wisselkoers van die rand vanaf November 1988 tot aan die einde van Januarie 1989 gemaak het.

Weinig tekens van 'n matiging van die baie hoë koerse van uitbreiding van bankkrediet en die monetêre totale hetasnog in die vierde kwartaal van 1988 en in die begin van 1989 sigbaar geword. Die groeikoers van die kwartaallikse gemiddelde van die omvattend gedefinieerde geldvoorraad, M3, vanaf die vierde kwartaal van 1987 tot die vierde kwartaal van 1988 was, op sy vlak van 26,5 persent, ongeveer 10,5 persentasiepunte hoër as die boonste grens van die monetêre mikpunt vir 1988 van 16,5 persent. Die baie hoë toenamekoers van M3 kon egter gedeeltelik toeskryf word aan herintermediéringsverskynsels en aan beleggers se verhoogde "likwiditeitsvoorkleur". Op grond hiervan het dit met 'n aanmerklike daling in die omloopsnelheid van M3 gepaard gegaan; die toename in die "effektiewe" M3-geldvoorraad – dit wil sê in M3 nadat dit vir veranderings in die omloopsnelheid daarvan aangesuiwer is – het in die loop van die mikpuntjaar 1988 17,3 persent bedra.

'n Nuwe mikpunt met betrekking tot die groeikoers van M3 vanaf die vierde kwartaal van 1988 tot die vierde kwartaal van 1989, wat van 14 tot 18 persent gestrek het, is op 7 Maart 1989 deur die Reserwebank aangekondig. In sy toelighting van die besluit van die monetêre owerhede om die boonste en onderste grense van die mikpuntperk met twee persentasiepunte vanaf die vlakte daarvan soos in 1988 te verhoog, het die Reserwebank verklaar dat dit berus het op aanvaarding deur die monetêre owerhede van 'n breë ekonomiese projeksie vir 1989 wat vir 'n verdere toename in die reële bruto binnelandse produk van ongeveer 2 persent, 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans van ongeveer R4 miljard, 'n geleidelike stygging in die amptelike goud- en buitelandse-valutareserves en 'n gemiddelde stygtingskoers van die verbruikersprysindeks van ongeveer 15 persent voorseening gemaak het. 'n Aanname dat die inflasiekoers in 1989 tydelik sou versnel, is derhalwe vir die doel van hierdie scenario as realisties beskou.

Die daling in die dollarprys van goud en ander ongunstige gebeure in Januarie-Februarie 1989, wat tesame met die klaarblyklik oormatige groeikoerse van bankkrediet en die geldvoorraad in die mikpuntjaar 1988 in oorweging geneem moes word, het die Reserwebank daartoe gelei om die Bankkoers – dit wil sê die Reserwebank se herdiskonteringskoers vir skatkiswissels vir die diskontohuise – met ingang van 23

Februarie 1989 van 14½ tot 16 persent te verhoog. Die verhoogde Bankkoers sou op die herdiskontering van skatkiswissels vir sowel die diskontohuise as die banke van toepassing wees; dit het derhalwe behels dat die voorkeurmarge van ½ persent wat voorheen ten aansien van die Bank se herdiskonteringsfasilitete aan die diskontohuise toegestaan is, afgeskaf is. Die Bank se verklaring wat hierdie Bankkoersverhoging vergesel het, het weer eens klem gelê op die behoefte om die Bank se eie kredietskepping aan bande te lê, aangesien beperking van die kredietskepping deur die sentrale bank 'n onontbeerlike bestanddeel was van die proses om 'n verlangsamming van die groeitempo van bankkrediet in die algemeen, van die geldvoorraad en van die totale monetêre vraag teweeg te bring.

In die kapitaalmarkte kon daar in die vierde kwartaal van 1988 'n daling in die omset van effekte van die openbare sektor en 'n laevlak van die bedrywigheid ten opsigte van nuwe uitgifte in die aandelemark opgemerk word. Die pryse van aandele het in die derde en die vierde kwartaal van 1988 egter betekenisvol gestyg en in die eerste tien weke van 1989 teen 'n versnellende tempo daarmee voortgegaan.

Op die gebied van die staatsfinansies was die uitslag van die fiskale beleid in 1988/89 ietwat minder stimulerend as wat die Begroting soos dit in Maart 1988 aangebied is, in die vooruitsig gestel het. Teenoor die begrote toename van 16,3 persent het die skatkisuitreikings in 1988/89 met 'n geraamde 18,4 persent, of reëel met ongeveer 5 persent, toegeneem. Die skatkisontvangste het egter met 'n geraamde 25,2 persent gestyg, teenoor die begrote stygging van 12,6 persent. Die tekort voor lenings in verhouding tot die bruto binnelandse produk het daardeur op 'n geraamde 4,4 persent te staan gekom, teenoor die 4,9 persent wat die oorspronklike begrotatingsramings voor oë gehad het.

'n Ietwat meer beperkende benadering tot fiskale beleid om 'n matiging van die groei in die binnelandse besteding te bewerkstellig, is deur die Minister van Finansies vir die fiskale jaar 1989/90 in die vooruitsig gestel. In die Begrotingsrede wat hy op 15 Maart 1989 in die Parlement gelewer het, het die Minister begroot vir konstantheid van die reële staatsuitgawes in 1989/90 teenoor die vorige jaar. In nominale syfers het die Begroting voorsiening gemaak vir 'n toename van 15,0 persent in die besteding, 'n toename van 16,0 persent in die inkomste, en 'n tekort voor lenings wat 4,1 persent van die bruto binnelandse produk sou beloop. Die geraamde inkomste het die uitwerking van 'n verhoging tot 13 persent van die algemene verkoopbelasting ingesluit. As deel van die voortskrydende proses van belastinghervorming is verdere stappe gedoen in die rigting van afsonderlike belasting van egpare, in die vorm van die Minister se voorstel dat alle salaristrekende getroude vroue volgens die stelsel van die sogenaamde standaard-inkomstbelasting op werknemers belas word.


Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Aansienlike sterkte van die groeikoers van die reële bruto binnelandse produk in die vierde kwartaal van 1987 is in die vier kwartale van 1988 deur groei teen stellige en standhoudende alhoewel oor die algemeen ietwat meer gematigde koerse gevolg. Die huidige aanduidings is dat, nadat seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van reële ekonomiese groei van bykans 4 persent, meer as 2 persent en $3\frac{1}{2}$ persent in die eerste drie kwartale van 1988 aangeteken is, die jaarkoers van groei in die vierde kwartaal van 1988 bykans 3 persent bedra het.

Byna al die sektore van die ekonomie het in die vierde kwartaal van 1988 positiewe reële groei ondervind. Opmerklike stygings in reële produksie is deur die sektore fabriekswese, elektrisiteit, gas en water, handel, konstruksie en die algemene owerheid aangegeteken. Binne die fabriekswesesektor het aanmerklike produksiestygings in die chemiese nywerheid, in die vervaardiging van basiese metale en masjinerie en in die vervoertoerusting-nywerheid voorgekom. Dit kon hoofsaaklik na 'n sterk vraag en vooruitbestellings teruggevoer word.

Reële bruto binnelandse produk



Produksiestygings in die sektor elektrisiteit, gas en water was 'n weerspieëling van die hoér vlakke van ekonomiese bedrywigheid en lewendiger saketoestande in die algemeen. Verdere stygings in die reële toegevoegde waarde van die handelsektor is hoofsaaklik verklaar deur die sub-sektore kleinhandel en motorhandel en deur die verversings- en akkommodasiebedryf. Die verhoogde toegevoegde waarde deur die algemene owerheid het hand aan hand gegaan met 'n volgehoue styging in die aantal werkers wat in hierdie sektor in diens is, met name in die onafhanklike nasionale en selfregerende state.

Die groei in die reële produksie van die konstruksiesektor het in die vierde kwartaal van 1988 'n jaarkoersvlak van bykans 8 persent bereik. Hierdie sterk produksieaanwas het voortgespruit uit die vergelykenderwys lewendige toestande in die bouywerheid in die algemeen en uit verhoogde vaste-investeringsbedrywigheid in die vorm van bou- en konstruksiewerk. Hierdie soort vaste investering self het in die vierde kwartaal van 1988 'n reële jaarkoers van toename van nie minder nie as 18 persent bereik.

Die groei in die totale reële bruto binnelandse produk in die *kalenderjaar* 1988 het ietwat meer as 3 persent beloop (teenoor groei van ietwat meer as 2 persent in 1987 en van $1\frac{1}{2}$ persent in 1986). Hierdie verdere versnelling van die reële ekonomiese groeikoers in die derde jaar van die ekonomiese oplewing is behaal ondanks 'n geleidelik meer vermouende ingesteldheid van die monetêre beleid en ander beperkende maatreëls. Dit het steun ontleen aan die volgehoue lewenskragtigheid van die reële private verbruksbesteding en aan 'n opmerklike kragherwinning van die Suid-Afrikaanse reële goedere-uitvoer, veral in die tweede helfte van die jaar. Die gevoldlike hoér maatskappywinst, die stygende mate van kapasiteitsbenutting en verbeterde sakevertroue het op hulle beurt as grondslag gedien vir 'n verdere verstewiging van die private sektor se vaste-investeringsvraag.

Die reële toegevoegde waarde van die *landbou* het van 1987 tot 1988 'n daling (van 3 persent) getoon. Die verdere verstewiging van die groei in die totale reële produksie in die kalenderjaar 1988 kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n aansienlik hoér groeikoers van die reële fabrieksproduksie en aan 'n ommekeer van die verandering in die reële mynbouproduksie vanaf dalings in 1986 en 1987 na 'n matige styging (van ongeveer 1 persent) in 1988. Bo-gemiddelde groeikoerse vir 1988 in sy geheel (wat albei gevalle op 4 persent geraam word) is dienooreenkomsdig in die *nie-landbou*-en in die *nie-primêre* sektore aangeteken; die groeikoerse van die reële produksie in die *sekondêre* sektore en in die *fabriekswese* het op vergelykenderwys indrukwekkende syfers ter grootte van $5\frac{1}{2}$ en 6 persent te staan gekom.

Die hoér vlak van die reële toegevoegde waarde van die mynbousektor in 1988 teenoor 1987 kon veral op rekening van die goudmynbedryf geplaas word. Dit kon

toegeskryf word aan meer stabiele arbeidsbetrekkinge, nuwe myne wat in produksie gekom het, 'n styging in die tonnemaat erts wat vergruis is, en (in sommige gevalle, meer in die besonder in die vierde kwartaal van 1988 en as 'n moontlike reaksie op 'n verdere verswakking van die goudprys) ook aan die ontginning van erts met 'n hoër goudgehalte. Die opmerklike verdere toenames in die fabrieksproduksie in 1988 is verklaar deur die onverwag stewiger vlakke van die totale binnelandse vraag sowel as deur die hernieuwe opwaartse beweging van die goedere-uitvoer; die verhoogde besteding aan reële vaste investering gedurende die jaar het stygende uitgawes deur openbare korporasies in projekte soos Mossgas en Mossref ingesluit.

Die voorsiene verslapping van die reële private verbruikersvraag in die loop van 1989 kan na verwagting sekere sub-sektore van die fabriekswesesektor ongunstig beïnvloed. Dit sal waarskynlik egter geneutraliseer word deur uitbreidings in die metaalnywerheid en die swaar-masjienvoubedryf.

Die totale reële bruto *nasionale* produk het in 1988 met bykans $4\frac{1}{2}$ persent gestyg (teenoor 'n hersiene groeikoers van 3 persent in 1987). Die reële bruto nasionale produk per hoof van die bevolking het dienoor-eenkomsdig in 1988 met effens meer as 2 persent ge-

styg, teenoor 'n geringe toename van minder as 1 persent in die voorafgaande jaar.

Die groei in die reële bruto nasionale produk, teen seisoenaangesuiwerde jaarkoerse, het in die eerste twee kwartale van 1988 'n gemiddeldevlak van ongeveer $5\frac{1}{2}$ persent bereik. In die derde kwartaal van 1988 het die reële bruto nasionale produk egter sywaarts beweeg as gevolg van verhoogde netto faktorbetalings aan buitelanders (waaronder opwaarts hersiene netto rentebetalings); hierbenewens het 'n toename in die invoerprys teen 'n jaarkoers van $22\frac{1}{2}$ persent, teenoor 'n toename in die uitvoerprys teen 'n jaarkoers van 15 persent, 'n verswakking van die ruilvoet beteken. In die vierde kwartaal van 1988 is 'n sekere verdere toename in die netto faktorbetalings aangeteken terwyl die ruilvoet min verandering getoon het. Die jaarkoers van toename van $1\frac{1}{2}$ persent in die reële bruto nasionale produk gedurende hierdie kwartaal was gevold beduidend laer as die groeikoers van die reële bruto *binnelandse* produk wat, soos hierbo reeds opgemerk is, in hierdie periode 'n jaarkoers van toename van bykans 3 persent behaal het.


Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding het in die eerste kwartaal van 1988 sterk toegeneem, in die tweede kwartaal 'n meer horizontale verloop getoon en vervolgens in die derde kwartaal in nogal heel beduidende mate teruggesak. Die huidige ramings toon dat dit in die vierde kwartaal van 1988 in wese weer sywaarts beweeg het. Die sywaartse verloop in die vierde kwartaal was die netto resultaat van 'n verdere verstewiging van die reële private verbruiksbesteding, 'n verdere aanmerklike styging in die totale reële bruto binnelandse vaste investering en 'n effense styging in die reële owerheidsverbruiksbesteding wat feitlik deur 'n verdere vermindering van die totale reële voorrade geneutraliseer is. Die totale reële bruto binnelandse besteding was in die *kalenderjaar 1988* meer as 7 persent hoër as in 1987. Hierdie koers van toename het die groeikoers van ongeveer 4 persent in die vorige jaar aanmerklik oorskry.


Die reële *private verbruiksbesteding* het in die vierde kwartaal van 1988 vir die elfde opeenvolgende kwartaal gestyg. Die seisoenaangesuiwerde jaarkoers van toename in die vierde kwartaal van 1988 (wat ongeveer 4 persent beloop het) was breedweg in ooreenstemming met die langertermynkoers van toename in hierdie soort besteding vanaf die tweede kwartaal van 1986, maar was betekenisvol laer as die jaarkoers van toename (van sowat $5\frac{1}{2}$ persent) in die derde kwartaal van 1988.

Die groei in die reële private verbruiksbesteding in die vierde kwartaal van 1988 het oor 'n breë front plaasgevind. Die klem het egter geval op huishoudings se aankope van persoonlike vervoertoerusting. Die


Reële bruto nasionale produk



Reële bruto binnelandse besteding



Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



verbruiksbesteding in die vierde kwartaal van 1988 het, soos in voorafgaande kwartale, die voordele geniet van 'n beduidend hoër vlak van die totale reële beskikbare persoonlike inkome in die loop van 1988, die afwesigheid van verbruikersboikkotte en groter verbruikersvertroue in 'n algemene milieu van groter maatskaplike, politieke en ekonomiese ontspannenheid, terwyl dit ook deur "voorkoop"-aankope in afwagting van voorsiene prysverhogings (waaronder prysverhogings wat deur die hernieuwe verswakking van die wisselkoers van die rand vanaf Januarie tot Oktober 1988 uitgelok sou word) aangehelp is. Voorts het daar in die begin van die vierde kwartaal van 1988, net soos in die derde kwartaal, nog steeds aansporings bestaan om duursame verbruikersgoedere aan te koop uit "ou" voorrade van sodanige goedere wat nog nie deur die verhoogde bobelasting op invoer goedere wat op 15 Augustus 1988 in werking getree het, geraak is nie. Hierteenoor het sekere takke van die kleinhandel (veral in die geval van meubels en "wit goedere") teen die einde van 1988 wel 'n verslapping van die vraag gerapporteer wat die gevolg was van die strenger huurkoopvoorwaardes wat vroeër in die jaar ingestel is en ook die invloed getoon het wat hoër rentekoerse sowel regstreeks as langs omptaai op hierdie vraag uitgeoefen het.

Die groeikoers van die totale reële private verbruiksbesteding vanaf die jaar 1987 tot die jaar 1988 het bykans 5 persent beloop, teenoor 'n saamgestelde gemiddelde jaarkoers van toename wat in die jare van 1980 tot 1988 'n skrale 2 persent bedra het. Die koerse van toename in die reële besteding aan duursame en semi-duursame verbruiksgoedere het in 1988 vlakke van ongeveer 12 en 7 persent bereik.

Die reële owerheidsverbruiksbesteding het in die Junie- en September-kwartale van die fiskale jaar 1988/89 aansienlik gedaal maar in die Desember-kwartaal weer teen 'n jaarkoers van bykans 3 persent toegenem. 'n Styging in die totale reële vergoeding van owerheidswerkneemers in die Desember-kwartaal het 'n daling in die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste meer as ten volle geneutraliseer. Die totale reële owerheidsverbruiksbesteding in die kalenderjaar 1988 was na raming hoër as dieselfde

soort besteding in 1987 met 'n taamlik beskeie $1\frac{1}{2}$ persent.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering het in die vierde kwartaal van 1988 verder gestyg en wel teen 'n effens vinniger pas as in die voorafgaande ses maande. Die styging in die vierde kwartaal was die resultaat van verhoogde reële vaste-investeringsbesteding deur al drie institutionele sektore (dit wil sê deur openbare korporasies en openbare owerhede sowel as deur die private sektor) – 'n verskynsel wat oor die afgelope paar jaar slegs by uitsondering voorgekom het. Vir die jaar in sy geheel was die vlak van die totale reële bruto binnelandse vaste investering ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent hoër as in 1987. Dit het gevvolg op dalings van bykans 18 persent en 3 persent in die voorafgaande twee jaar.

Die groei van kwartaal tot kwartaal in die reële bruto binnelandse vaste kapitaalvorming in die *private sektor* het, teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, vinnig afgedun van 25 persent in die eerste kwartaal van 1988 tot $22\frac{1}{2}$, $6\frac{1}{2}$ en $3\frac{1}{2}$ persent in die tweede, derde en vierde kwartaal. Die gemiddelde vlak van hierdie soort besteding in die jaar 1988 was egter nog steeds 'n indrukwekkende 16 persent hoër as in 1987. In die vierde kwartaal van 1988 is die daling wat in die reële vaste kapitaalbesteding deur die mynbouweryheid aangeteken is, meer as geneutraliseer deur toenames in die vaste kapitaalvorming in die fabriekswese en in die finansiële sektor.

By die *openbare korporasies* het toenames in die vierde kwartaal van 1988 in die reële vaste-investeringsbesteding deur ondernemings in die mynbou en die fabriekswese (met name aan projekte soos Mossgas en Mossref) meer as vergoed vir hernieuwe verminderings wat Eskom, in ooreenstemming met sy begrotingsvoornemens vir 1988, in sy investeringsbesteding bewerkstellig het. Die totale reële vastekapitaalvorming deur alle openbare korporasies het in die kalenderjaar 1988 vir die derde opeenvolgende jaar 'n afname getoon. Die daling in 1988 het ongeveer 13 persent beloop.

Die styging in die reële vastekapitaalbesteding deur *openbare owerhede* in die vierde kwartaal kon hoofsaaklik aan verhoogde kapitaaluitgawes deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en deur die provinsiale administrasies toegeskryf word. Soos in die geval van die openbare korporasies was die reële vastekapitaalvorming deur openbare owerhede in die kalenderjaar 1988 egter laer as in die voorafgaande jaar. Die dalings in die reële vastekapitaalbesteding deur die algemene owerheid en deur die owerheid se sake-ondernemings van 1987 tot 1988 het onderskeidelik $2\frac{1}{2}$ en 9 persent bedra.

Wanneer dit volgens soorte bates ingedeel word, het die totale reële bruto binnelandse vaste investering in 1988 aansienlike stygings in die reële besteding aan woon- en nie-woongeboue en aan masjinerie en vervoertoerusting getoon; die styging in die reële beste-

ding aan woon- en nie-woongeboue het gemiddeld ongeveer 10 persent beloop. Die reële investeringsbesteding aan masjinerie en vervoertoerusting het met ongeveer $7\frac{1}{2}$ persent gestyg. Wat die investeringsbesteding van die private sektor betref, het hierdie styging, egter $20\frac{1}{2}$ persent bedra.

Die bemoedigende styging in die totale reële bruto vastekapitaalvorming in 1988 vanaf die vlakte waarop dit in 1987 gestaan het, kon toegeskryf word aan "spesiale" aansporings om te investeer – soos dié wat voortgespruit het uit invoervervangingsvraag en uit die vrees vir prysverhogings van ingevoerde kapitaaltoerusting uit hoofde van die depresiasie van die rand – sowel as aan die druk wat deur die stygende mate van kapasiteitsbenutting van die bestaande produksiefasilitate uitgeoefen is en aan die normale prosesse van vervanging, hernuwing en opknapping van die bestaande produksie-apparatuur.

Die styging in 1988 in die totale reële bruto binnelandse vaste investering was slegs die vierde sodanige styging in 'n volle kalenderjaar wat oor die afgelope dekade aangeteken is. As gevvolg van ses jaar van volgehoudende dalings het dit egter ook vanaf 'n lae basis begin; die vlak van die bruto reële vaste investering in 1988 was in werklikheid nog steeds 27 persent laer as in 1981 toe 'n hoogtepunt in die investering aangegeteken is. Hierbenewens het die bruto reële vaste investeringsbesteding in die private fabriekswese in 1988 die vlak van die waardeverminderingstoelaes nog steeds nie ten volle geëwenaar nie. Dit het derhalwe nog steeds 'n verdere (althoewel geleidelike kleiner wordende) inkrimping van die reële vastekapitaalvoorraad in die fabriekswese tot gevvolg gehad.

Die totale reële voorrade het in die vierde kwartaal van 1988 volgens raming verder gedaal. Dit was 'n weerspieëling van 'n vermindering van landbou- en diamantvoorraade-in-die-handel sowel as van 'n intering op handelsvoorraade. Die dalings van die handelsvoorraade kon toegeskryf word aan die algemene hoë vlakte van die binnelandse vraag (wat onder andere ook die voorheen genoemde "voorkoop"-aankope uit "ou" voorrade van duursame verbruiksgoedere en investeringsgoedere ingesluit het), aan die skerp styging in die fisiese omvang van die goedere-uitvoer in die tweede helfte van 1988, en aan die mate van gevoeligheid wat vermoedelik wel deur die peil van die handels- en nywerheidsvoorraade teenoor die stygende vlak van die binnelandse rentekoerse aan die dag gelê is.

Die totale reële voorrade het gedurende die jaar 1988 per saldo nog 'n styging getoon. Die verhouding van nywerheids- en handelsvoorraade tot die bruto binnelandse produk in die nie-landbousektore van die ekonomie het in 1988 effens toegeneem tot 'n vlak wat gedurende die jaar gemiddeld ietwat meer as $19\frac{1}{2}$ persent beloop het.

Faktorinkome en besparing


Die tempo van die toename van kwartaal tot kwartaal in die totale nominale faktorinkome, teen 'n seisoensaansuiwerde jaarkoers, het in die vierde kwartaal van 1988 $16\frac{1}{2}$ persent bedra. Dit het gevolg op koerse van 20 en $22\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1988 en van $10\frac{1}{2}$ persent in die derde kwartaal. Die toename van jaar op jaar in die nominale faktorinkome het in die vierde kwartaal van 1988 op $17\frac{1}{2}$ persent te staan gekom. Die styging van 18 persent in hierdie inkometotaal vanaf die jaar 1987 tot die jaar 1988 was aansienlik hoër as die toenames van $15\frac{1}{2}$ -16 persent wat in die voorafgaande twee jare aangeteken is.

Die versnelde toename in die totale faktorinkome in die vierde kwartaal van 1988 was hoofsaaklik 'n weerspieëling van 'n verbetering in die *bruto bedryfsurplusse* in die landbou, die fabriekswese, vervoer en die finansiewese. Wat 1988 in sy geheel betref, het die meer opmerklike toenames in bedryfsurplusse in die fabriekswese, die handel, vervoer en die finansiewese voorgekom. Die winsgewendheid van maatskappye in hul onderskeie sektore is in 1988 verhoog deur hoër omsette en produktiwiteitverbeterings sowel as deur meevalers wat uit nuwe uitvoergeleenthede en uit daling in die wisselwaarde van die rand voortgespruit het. Die mynbou en sekere dele van die landbou het ook voordeel getrek uit die betreklik hoë wêreldpryse van primêre produkte en uit die styging wat tot die middel van 1988 in die gemiddelde internasionale pryspeil van hierdie produkte voorgekom het; die mynbou-sektor is egter nadelig getref deur die daling in die goudprys, veral in die tweede helfte van die jaar.

Die tempo van die toename van kwartaal tot kwartaal in die nominale *vergoeding van werknemers*, ná seisoensaansuiwing en teen 'n jaarkoers bereken, het in die vierde kwartaal skerp toegeneem tot nie minder nie as $23\frac{1}{2}$ persent. Nagenoeg al die belangrikste bydraers in die sekondêre en tersiêre sektore van die ekonomie het deel gehad in die verklaring van hierdie styging. Die geraamde toename van $16\frac{1}{2}$ persent in die totale vergoeding van werknemers in die jaar 1988 teenoor die jaar 1987 was marginaal laer as die toename van 17 persent wat in 1987 teenoor 1986 aangeteken is. Dit wil voorkom asof dit die gevolg was van die meer selektiewe aard van die salarisverhogings in die openbare sektor en van die feit dat die arbeidsmag in die mynbou 'n inkrimping ondergaan het.

Die *bruto binneilandse besparing* het, in verhouding tot die bruto binneilandse produk, effens toegeneem van 20 persent in die tweede kwartaal van 1988 tot bykans 21 persent in die derde kwartaal en vervolgens 'n meer aansienlike styging getoon tot $24\frac{1}{2}$ persent in die vierde kwartaal. Die toename in hierdie verhouding in die vierde kwartaal was 'n weerspieëling van 'n verdere styging in die maatskappybesparing, asook van die feit dat die algemene owerheid (vir die eerste

Komponente van besparing as persentasie van bruto binneilandse besparing



keer sedert die vierde kwartaal van 1983) vanaf netto ontsparing na netto besparing omgeswai het. Gesamentlik het hierdie twee verbeterings in besparingsprestasies meer as vergoed vir 'n verdere daling in die persoonlike besparing. Die "oorskot" van die binneilandse besparing bô die binneilandse investering het in die kalenderjaar 1988 nietemin slegs 7 persent bedra, teenoor hoogtepunte in hierdie "oorskot"-besparingsverhouding wat in 1987 en 1986, wat jare van lae investering was, onderskeidelik $18\frac{1}{2}$ en $25\frac{1}{2}$ persent bedra het.

Die verbeterde besparingsprestasie van die algemene owerheid was in hoofsaak 'n weerspieëling van die feit dat die werklike styging in die lopende owerheidsinkomste gedurende die grootste deel van die fiskale jaar 1988/89 die begrote styging aansienlik oorskry het, terwyl die werklike styging in die lopende uitgawes die begrote styging in meer beperkte mate te bove gegaan het. Die verhoogde besparing deur geïnkorporeerde sake-ondernehmings was 'n weerspieëling van die verhoogde winsgewendheid van maatskappye. Hierteenoor het die netto persoonlike besparing in die vierde kwartaal van 1988 verder verswak namate die verdere stygings in die reële private verbruiksbesteding gedurende hierdie tydperk weer eens nie ten volle deur toenames in die totale reële persoonlike beskikbare inkome geëwenaar is nie.

Dit wil voorkom asof die verskerping van die huurkoopvooraardes in die tweede helfte van 1988 'n bêduidende mate van omskakeling deur huishoudings van hierdie vorm van krediet na alternatiewe bronne van verbruikersfinansiering uitgelok het. Die persoonlike-besparingsverhouding (dit wil sê die verhouding van die netto persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkome) het in die vierde kwartaal van 1988 tot 'n baie skrale $\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Wat die kalenderjaar 1988 betref, het hierdie verhou-

ding $1\frac{1}{2}$ persent bedra, teenoor 'n hersiene waarde van hierdie verhouding van $4\frac{1}{2}$ persent in die voorafgaande jaar.

Werkverskaffing

Ná 'n baie skrale toename (van 0,5 persent) in 1986, het die totale werkverskaffing in die nie-landbousektore van die ekonomie in 1987 met 1,0 persent en in die eerste drie kwartale van 1988 met 1,2 persent gestyg. Die toename in die werkverskaffing gedurende 1988 was veral sterk in die eerste en die derde kwartaal; seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename van onderskeidelik 3,2, 0,2 en 2,2 persent is die eerste, tweede en derde kwartaal aangeteken.

In breë trekke beskou het die toenames in die indiensneming deur die openbare owerhede en in die private sektor soortgelyke patronen gevvolg. Die mynwese het egter nog 'n voortsetting getoon van die afname in die indiensneming wat sedert die derde kwartaal van 1987 na vore gekom het. Die beskikbare inligting vir die vierde kwartaal van 1988 toon dat die werkverskaffing gedurende daardie kwartaal in die geval van die fabriekswese matig toegeneem het maar in die konstruksiebedryf en in elektrisiteitsopwekking 'n daling ondergaan het.

In teenstelling met neigings sedert die vierde kwartaal van 1986 het die stygende aantal werkers in die fabriekswese in die vierde kwartaal van 1988 met 'n afname in die oortydverhouding gepaard gegaan. Die verhouding van oortydure tot normale ure gewerk het in die fabriekswese van 12,5 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 11,9 persent in die vierde kwartaal gedaal en in die konstruksiebedryf oor dieselfde periode van 8,7 tot 7,8 persent afgeneem.

Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het van 82 500 in Augustus 1986 tot 50 500 in September 1988 gedaal maar daarna tot 51 200 in Oktober 1988 gestyg. Insgelyks het die totale aantal geregistreerde werklose werkers, wat van 138 000 in September 1987 tot 119 300 in September 1988 afgeeneem het, daarna tot 121 000 in Oktober toegeneem. Die aantal werklose Swart werkers soos dit deur die Lopende Bevolkingsopname bepaal word, wat van bykans 1,2 miljoen in Julie 1986 tot 817 000 in Augustus 1988 gedaal het, het in September 1988 effens toegeneem tot 823 000, wat gelyk gestaan het aan ongeveer 12,5 persent van die Swart arbeidsmag.

Arbeidseenheidskoste en produktiwiteit

Die styging van jaar tot jaar in die gemiddelde nominale loon van alle werkers buite die landbousektor was in die derde kwartaal van 1988 (toe dit 14,5 persent bedra het) beduidend laer as in die voorafgaande twee kwartale (toe hierdie stylings 15,6 en 18,8 persent beloop het). As gevolg hiervan het die toename van jaar


tot jaar in die gemiddelde nominale loon per werker vir die eerste drie kwartale van 1988 tot 16,3 persent afgeeneem (vanaf 17,2 persent in die eerste helfte van die jaar). Op hierdie vlak was die koers van toename in die gemiddelde nominale loon niemendien nog steeds aansienlik hoër as die voorafgaande toenames van 15,4 persent in die kalenderjaar 1987 en 14,4 persent in die kalenderjaar 1986.

Versnelde toenames in die nominale lone en 'n laer vlak van die inflasie het meegebring dat die reële loon per werker in die eerste drie kwartale van 1988 in vergelyking met die eerste drie kwartale van 1987 met 2,9 persent gestyg het. Afnames in die reële loon per werker (van 4,2, 3,6 en 0,7 persent) is in die voorafgaande drie kalenderjare aangeteken.

Die arbeidsproduktiwiteit (dit wil sê die reële bruto binnelandse produk per werker buite die landbousektor) het in die kalenderjaar 1987 met 1,4 persent en in die eerste drie kwartale van 1988 in vergelyking met die eerste drie kwartale van 1987 met 1,9 persent toegeneem. Die verbeterings in die arbeidsproduktiwiteit oor periodes van vier kwartale, wat in die tweede en derde kwartaal van 1988 2,5 en 2,2 persent bedra het, was in werklikheid in daardie twee kwartale die grootste sodanige verbeterings wat sedert die tweede helfte van 1984 aangeteken is.

Ondanks hierdie versnelde vooruitgang van die arbeidsproduktiwiteit het die versnelde stylings in die nominale arbeidsvergoeding meegebring dat die stylingskoers van die arbeidseenheidskoste per eenheid fisiese produksie effens vanaf 13,8 persent in die kalenderjaar

Arbeidsproduktiwiteit, nominale lone per werker en arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



1987 tot 14,1 persent in die eerste drie kwartale van 1988 toegeneem het.

Inflasie


Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van *ingevoerde goedere* en van *plaaslik vervaardigde goedere* het, ná seisoensaansuiwering en op 'n jaarbasis bereken, van die derde tot die vierde kwartaal van 1988 aanmerklik afgeneem van 24,4 tot slegs 9,1 persent wat eersgenoemde betref en van 12,1 tot 10,1 persent wat laasgenoemde betref. As gevolg hiervan het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die *produksieprysindeks* (wat vanaf slegs 7,9 persent in die vierde kwartaal van 1987 tot 19,6 persent in die tweede kwartaal van 1988 gestyg het) van 14,3 persent in die derde kwartaal van 1988 tot slegs 9,6 persent in die vierde kwartaal afgeneem. Die koers van toename in die produksieprysindeks oor periodes van twaalf maande het egter tot 14,1 persent in November en tot 14,6 persent in sowel Desember 1988 as Januarie 1989 versnel.

Die styging van jaar tot jaar in die jaarlikse gemiddelde vlak van die produksiepryse, wat betekenisvol vanaf 19,6 persent in die kalenderjaar 1986 tot 13,9 persent in 1987 verlangsaam het, het in 1988 'n effense verdere verlangsaming getoon tot 13,2 persent.

Op ietwat soortgelyke wyse het die styging van jaar tot jaar in die gemiddelde vlak van die *verbruikersprysindeks* bemoedigend verlangsaam van 18,6 persent in die kalenderjaar 1986 en 16,1 persent in die kalenderjaar 1987 tot 12,9 persent in 1988. Die toenames van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks, teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse, het egter reeds vroeg in 1988 begin styg vanaf 'n laagtepunt van slegs 9,2 persent in die eerste kwartaal tot 12,6 persent in die tweede kwartaal en tot 13,9 en 13,6 persent in die derde en vierde kwartaal onderskeidelik. Die marginale verlangsaming in die vierde kwartaal was in die eerste plek 'n weerspieëeling van meer gematigde stygings in die pryse van lewensmiddele (wat 'n werklike daling in die prys van vleis ingesluit het). Die koste van dienste het egter vinniger gestyg, deels as gevolg van hoër huiseienaarskoste.

Die koers van toename in die verbruikerspryse het oor periodes van twaalf maande afgeneem van 14,2 persent in Januarie 1988 tot 12,4 persent in Junie en het vir die daaropvolgende ses maande op vlakte van 12,3 tot 12,5 persent gebly. Daarna het dit in Januarie 1989 tot 13,3 persent gestyg. Die vlak van die verbruikerspryse is in Januarie 1989 reeds deur verhogings van verskeie geadministreerde pryse beïnvloed. Hoër rentebetalings op huisverbandlenings, die volgehoue gesloerde uitwerking van die depresiasi van die wisselkoers van Januarie tot Oktober 1988 en in Februarie-Maart 1989, die gesloerde uitwerking van die verhoging van die bobelasting op invoergoedere vanaf

Pryse



Augustus 1988, die verhoogde heffings op motorbrandstowwe vanaf 16 Januarie 1989 en die vroeëre verloop van die produksieprysindeks en van die veranderings van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks, sal waarskynlik beteken dat die tempo van die inflasie in verbruikerspryse in die eersvolgende aantal maande verder sal versnel voordat 'n hernieuwe matiging daarvan later in 1989 verwag kan word.


Betalingsbalans

Lopende rekening


Nadat die saldo op die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste kwartaal van 1988 kortstondig na 'n geringe tekort omgeslaan het (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van minder as R0,1 miljard), het dit teruggekeer na oorskotte wat, teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse bereken, in die tweede kwartaal R1,7 miljard en in die derde en die vierde kwartaal meer aansienlike bedrae van R4,6 miljard en R5,4 miljard beloop het. Hierdie groeiende oorskotte op die lopende rekening is behaal in weerwil van die voortgesette betreklik hoë vlakke van die binnelandse besteding en van die invloed wat "voorkoop"-aankope van verbruiks- en investeringsgoedere veral in die derde en in die begin van die vierde kwartaal van 1988 uitgeoefen het. Vir 1988 in sy geheel het die oorskot op die lopende rekening egter tot R2,9 miljard ingekrimp vanaf die oorskot van R6,2 miljard wat in die voorafgaande jaar aangeteken is.

Die verdere verstewiging van die oorskot op die lopende rekening in die vierde kwartaal van 1988 kon bykans uitsluitend toegeskryf word aan 'n verdere opmerklike toename, wat nagenoeg 8 persent beloop het, in die *goedere-uitvoerverdienstes*; hierdie toename is op sy beurt weer meer as ten volle verklaar deur 'n styging van 10 persent in die fisiese *omvang* van die uitvoer. Die hoeveelhede van die uitvoer van

Betalingsbalans



Lopende rekening van die betalingsbalans



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljoene

	1987	1988			
	Jaar	1ekw	2ekw	3ekw	4ekw
Goedere-uitvoer	25 146	26 300	29 282	33 830	36 476
Netto gouduitvoer	17 792	18 530	19 948	20 230	19 780
Goedere-invoer	-28 320	-36 780	-38 310	-40 070	-41 520
Netto dienste- en oordragbetalings	-8 466	-8 108	-9 172	-9 370	-9 290
Saldo op lopende rekening	6 152	-58	1 748	4 620	5 446
					2 939

Suid-Afrikaanse mynbou- en, in mindere mate, landbouprodukte, is aangehelp deur die voortgesette verstewiging van die fabrieksproduksie in die ekonomiese handelsvennootlande, die dalende vlakke van sekere internasionale grondstofvoorraad en produksieprobleme in die lande van sekere internasionale mededingers. Die totale omvang van die goedere-uitvoer in die vierde kwartaal van 1988 was in werklikheid ongeveer 11 persent hoër as die omvang van hierdie soort uitvoer by die veronderstelde konjunkturele boonste draaipunt daarvan in die derde kwartaal van 1986. Van die jaar 1987 tot die jaar 1988 het die fisiese hoeveelheid van die goedere-uitvoer met ongeveer 7 persent toegenem.

Die gemiddelde vlak van die uitvoerpryse het, nadat dit in die eerste drie kwartale van 1988 aansienlik gestyg het, in die vierde kwartaal met ongeveer 2 persent teruggesak. Dit was die gevolg van 'n matige daling van die internasionale prys van primêre produkte vanaf die middel van die jaar en van die feit dat die rand veral teenoor die VSA-dollar geappresieer het. Die gemiddelde prysvlak van Suid-Afrikaanse uitvoergodere in die plaaslike geldeenheid was in die jaar 1988 egter 16½ persent hoër as in die jaar 1987. Die totale waarde van die goedere-uitvoer het gevold gedurende die jaar met 25 persent gestyg.


Die waarde van die netto gouduitvoer het in die vierde kwartaal van 1988 effens gedaal. Dit kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n verswakking van die gemiddelde dollarprys van goud vanaf VSA \$427 per fyn ons in die derde kwartaal tot VSA \$415 in die vierde kwartaal.

taal; die randprys van goud het van die eerste tot die tweede van hierdie periodes ietwat meer opmerklik, naamlik vanaf R1 040 tot R997 per fyn ons, afgeneem. 'n Hernieuwe kragopwelling van die VSA-dollar in die internasionale valutamarkte, nuwe goudlenings, 'n opskorting van die Taiwanese goudinvoer en verhoogde goudverkope deur Australiese produsente nadat die Australiese geldeenheid teenoor die VSA-dollar gedepresieer het, het vervolgens meegebring dat die gemiddelde dollarprys van goud verder teruggesak het tot VSA \$404 in Januarie 1989 en tot VSA \$388 in Februarie – die laagste vlak wat in ongeveer 2½ jaar aangeteken is.


Die gemiddelde goudgehalte van die vergruisde Suid-Afrikaanse gouderts het van 5,28 gram per ton in 1987 tot 5,13 gram in 1988 gedaal. Die fisiese hoeveelheid van die Suid-Afrikaanse goudproduksie het nogtans vanaf 1987 tot 1988 met sowat 3 persent (naamlik vanaf 596 ton tot 615 ton) toegeneem. Die gemiddelde randprys van goud het van R909 per fyn ons in 1987 tot R992 per fyn ons in 1988 gestyg. Die totale randwaarde van die Suid-Afrikaanse gouduitvoer het dienoordeelkostig tot R19,6 miljard in 1988 toegeneem vanaf die R17,8 miljard waarop dit in die voorafgaande jaar te staan gekom het.

Die vernouwing van die oorskot op die Suid-Afrikaanse lopende rekening vanaf die kalenderjaar 1987 tot die kalenderjaar 1988 kon hoofsaaklik verklaar word aan die hand van die skerp styging in die goedere-invoer in die derde jaar van die ekonomiese oplewing. Die fisiese hoeveelheid, gemiddelde pryspeil en waarde

Goudprys



Volume van goedere-invoer en -uitvoer



van hierdie soort invoer het in 1988 teenoor die voorafgaande jaar met onderskeidelik 25, 10½ en 38 persent toegeneem. Die hoeveelheid van die invoer in 1988 was terselfdertyd ook sowat 4½ persent hoër as in die "mini-boom"-jaar 1984. Dit was egter nog steeds ongeveer 14½ persent laer as die rekordomvang van die invoer wat in die jaar 1981 gedurende die gevorderde stadium van die goudprys-hoogkonjunktuur aangeteken is.

Die fisiese omvang van die invoer het in die eerste kwartaal van 1988 skerp gestyg in ooreenstemming met die aanmerklike verstewiging van die binnelandse besteding gedurende daardie tydperk, maar het in die daaropvolgende ses maande in werklikheid effens gedaal. Daarna het dit in die vierde kwartaal van 1988 met sowat 3 persent gestyg tot 'n vlak wat ongeveer 1½ persent hoër was as in die eerste kwartaal van die jaar. Groot toenames is in die vierde kwartaal in die invoer van mineraalprodukte aangeteken; die ingevoerde hoeveelhede van ander goedere het egter ook matige stygings getoon.

Die verstewiging van die rand in die valutamarkte, en 'n hernieuwe verswakkings van die oliepryse in die internasionale grondstofmarkte, het daartoe bygedra dat die styging in die gemiddelde prysvlak van die invoer in die vierde kwartaal van 1988 tot 'n baie geringe ½ persent beperk gebly het. Die styging van 10½ persent in die jaarlikse gemiddelde van die invoerpryse in die jaar 1988 (teenoor die styging van 6½ persent wat in 1987 voorgekom het) kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die daling in die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die eerste tien maande van die jaar.

'n Sterk styging in die ontvangste uit toerisme in die vierde kwartaal van 1988 het meegebring dat die netto

dienste- en oordragbetalings van die derde tot die vierde kwartaal ietwat ingekrimp het. Nadat die netto dienste- en oordragbetalings in 1987 'n lichte daling getoon het, het dit in die kalenderjaar 1988 in sy geheel egter weer toegeneem. Dit was hoofsaaklik die gevolg van hoër vrag- en goedere-versekeringsbetalings ten opsigte van die verhoogde invoer, groter rentebetalings vanweë die styging in die internasionale rentekoerse, en groter betalings vir die reise van Suid-Afrikaners in die buitenland. Aan die ander kant van die skaal, maar nie genoeg om dit te laat deurslaan nie, het gestaan toenames in die ontvangste van dividende uit buitenlandse bronne en toenames in die besteding van buitenlandse toeriste in Suid-Afrika.

Kapitaalrekening

Die netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van die derde tot die vierde kwartaal van 1988 aansienlik, naamlik vanaf R2,5 miljard tot R1,2 miljard ingekrimp ten spyte van die feit dat groot enkelbedragaflossings van buitenlandse skuld binne die stilstandnet sowel as ander kapitaaluitvloeisings in die vierde kwartaal voorgekom het. In 1988 in sy geheel het die totale netto uitvloeiing van nie-reserweverwante kapitaal egter R6,7 miljard bedra. Dit kan vergelyk word met 'n uitvloeiing tot 'n min of meer soortgelijke bedrag van R6,1 miljard in 1986, maar met 'n baie kleiner uitvloeiing van R3,1 miljard in 1987.


Die versterkte posisie van die kapitaalrekening in die vierde kwartaal van 1988 was 'n weerspieëeling van verbeterings in die bewegings van sowel lang- as korttermynkapitaal. Die uitvloeiing van langtermynkapitaal het van R144 miljoen in die derde kwartaal van 1988 tot 'n geringe bedrag van slegs R6 miljoen in die daar-

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1987	1988				Jaar
		1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	-529	-24	-138	5	-276	-433
Openbare korporasies	817	-140	-179	-233	146	-406
Private sektor:						
Netto aankope van genoteerde aandele deur nie-inwoners	-1 213	-35	9	75	18	67
Ander kapitaal	-773	-88	-307	9	106	-280
Totale langtermynkapitaal	-1 698	-287	-615	-144	-6	-1 052
Korttermynkapitaal insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-1 371	-475	-1 594	-2 390	-1 152	-5 611
Totale kapitaalbewegings uitsluitende laste verwant aan reserwes	-3 069	-762	-2 209	-2 534	-1 158	-6 663
Verandering in laste verwant aan reserwes ..	-1 167	-13	1 668	586	-316	1 925

Kapitaalbewegings



opvolgende drie maande afgeneem. Dit was hoofsaaklik die gevolg van hernieuwe netto invloeiings van buitelandse kapitaal na die openbare korporasies en na die private sektor. Nadat die openbare korporasies in die voorafgaande drie kwartale netto terugbetalings gemaak het, het hulle in die vierde kwartaal per saldo weer tot 'n bedrag van R146 miljoen lenings (in die vorm van projekfinansiering) opgeneem. Hierbenewens het nie-inwoners voortgegaan om netto aankope te doen van Suid-Afrikaanse effekte wat op die effektebeurs genoteer word. Voorts het die Suid-Afrikaanse regering egter ook 'n buitelandse lening opgeneem wat deur 'n groep oorsese banke in die vorm van 'n private plasing van versekerde openbare skuldbriewe vir hom gereël is.

Die uitvloeiing van korttermynkapitaal van R2,4 miljard in die derde kwartaal van 1988 is in die vierde kwartaal tot R1,2 miljard gehalteer. Die groot uitvloeiings van korttermynkapitaal in die tweede en derde kwartaal en in die begin van die vierde kwartaal van 1988 – en meer in die besonder daardie uitvloeiings wat uit omskakelings van buitelandse na binnelandse

bronne van handelsfinansiering voortgespruit het – het ná die verhoging van die Bankkoers en die styging in die algemene Suid-Afrikaanse rentepeil vanaf 3 November 1988 tot stilstand gekom. Terselfdertyd het die appresiasié van die rand teenoor belangrike ander geldeenheide ná die eerste paar dae van November ook 'n ommeswaai van spekulatiewe kapitaaluitvloeiings, waaronder vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste, teweeg gebring.

Die laaste verwant aan reserwes het in die vierde kwartaal 'n afname – dit wil sê 'n uitvloeiing van kapitaal – getoon nadat daar in die voorafgaande ses maande groot bedrae geleent is. 'n Invloeiing van kapitaal ten bedrae van R1,9 miljard in die vorm van vermeerderings van die reserweverwante laste is egter gedurende 1988 in sy geheel aangeteken.

Buitelandse reserwes

Die feit dat die kapitaaluitvloeiings die oorskotte op die lopende rekening aanmerklik oorskry het, het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika se totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes vanaf die einde van Maart 1988 tot die einde van November met R1 746 miljoen gedaal het. Die opmerklike matiging van die kapitaaluitvloeiings ná die eerste paar dae van November het dit daarná egter moontlik gemaak dat die totale reserwes in Desember weer met R251 miljoen tot R6,7 miljard aan die einde van die jaar toegeneem het. In Januarie en Februarie 1989 het die buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R160 miljoen gestyg. Die goudkomponent van die Bank se besit aan buitelandse reserwes het van 3,43 miljoen fyn onse aan die einde van November tot 3,64 miljoen fyn onse aan die einde van Februarie 1989 verstewig.

Wisselkoerse

Nadat die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die eerste tien maande van 1988 bykans voortdurend gedaal het, het dit vanaf vroeg in November weer 'n deel van sy kragte herwin. As gevolg hiervan het dit in die vierde kwartaal per saldo met 1,7 persent verstewig. Gedurende 1988 in sy geheel het die effektiewe wisselkoers met 13,1 persent verswak.

Gedurende Januarie 1989 het die rand terrein ingeboet teenoor die verstewigende dollar maar teenoor al die ander belangrike geldeenheide veld gewen; die effektiewe wisselkoers van die rand het dienooreenkomsdig met 0,7 persent gestyg. In Februarie het die hernieuwe vlaag van swakte van die dollarprys van goud, en verdere verstewiging van die Amerikaanse dollar, al die vordering wat die rand vanaf November 1988 tot die einde van Januarie 1989 gemaak het, weer uitgewis.


Die finansiële rand, wat in die middelkwartale van 1988 aansienlik verswak het, het in die vierde kwartaal van 1988 en in Januarie en Februarie 1989 betreklik stabiel gebly. Met skommelings van tussen R3,49 en

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des 1987 tot 31 Mrt 1988	31 Mrt 1988 tot 30 Jun 1988	30 Jun 1988 tot 30 Sept 1988	30 Sept 1988 tot 31 Des 1988	31 Des 1987 tot 31 Des 1988	31 Des 1988 tot 28 Feb 1989
Geweegde gemiddelde	-6,7	-3,8	-4,9	1,7	-13,1	-3,1
VSA-dollar	-9,1	-8,3	-6,9	4,5	-19,0	-4,5
Britse pond	-9,4	-	-5,1	-1,7	-15,5	-1,6
Duitse mark	-4,7	-	-4,0	-0,5	-8,8	-2,4
Switserse frank	-2,7	0,9	-1,5	-0,5	-4,2	-1,7
Japanse yen	-7,1	-2,6	-5,8	-1,9	-16,7	-3,6
Franse frank	-4,7	-0,8	-2,4	-0,5	-8,1	-2,6
Finansiële rand	4,8	-13,4	-15,5	6,0	-18,7	-3,3

Wisselkoerse



R4,10 tot die dollar het die wisselwaarde van die finansiële rand gedurende hierdie tydperk diskonto's teenoor die kommersiële rand getoon wat van 33 tot 41 persent gewissel het.

Finansiële markte

Geldvoorraad

Nouliks enige tekens van 'n matiging kon as nog in die vierde kwartaal van 1988 in die baie hoë koerse van toename in die geldvoorraad opgemerk word. Die koers van toename in M3 van kwartaal tot kwartaal, ná seisoensaansuiwering en teen 'n jaarkoers bereken, het 'n marginale daling getoon vanaf 29,5 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 28,3 persent in die vierde kwartaal. Dit het gevolg op toenamekoerse van 26,1, 23,5 en 25,0 persent wat in die voorafgaande drie kwartale, vanaf ongeveer die begin van die verdere versneling van die groei in die geldvoorraad in September 1987, aangeteken is. Gegewens ten opsigte van M3 aan die einde van Januarie 1989 dui daarop dat die kragte waardeur hierdie monetêre uitbreiding aangedryf is, gedurende die eerste aantal weke van 1989 nog steeds 'n belangrike deel van hul voortstuwing vermoë behou het.

Die baie vinnige groei in M3 in die vierde kwartaal van 1988 kon nog steeds verklaar word aan die hand van herintermediasieverskynsels (wat onder meer 'n verdere vernouing van die differensiale tussen die uitleenkoerse en die depositokoerse van monetêre instellings weerspieël het), die voortgesette lewendige vlak van die ekonomiese bedrywigheid en besteding, en die volgehoud sterke van beleggers se "egte likwiditeitsvoorkeur" in die toestand van vinnige werklike en

verwagte stygings in die rentekoerse wat gedurende die grootste deel van die vierde kwartaal geheers het.

Die toename in M3 in die vierde kwartaal was sterk gekonsentreerd in daggeld- en oomagdeposito's sowel as in daardie deel van M2 wat nie ook by M1 ingesluit is nie, dit wil sê in deposito's met onverstreke looptye van meer as een dag tot en met ses maande. Die toenames in hierdie twee komponente van M2, wat aan die einde van September 1988 ongeveer driekwart van die totale M3-geldhoeveelheid uitgemaak het, het gesamentlik 'n meer as volledige verklaring gegee van die toename wat vanaf die einde van September tot die einde van Desember 1988 in M3 aangeteken is. In teenstelling hiermee is daar gedurende hierdie periode 'n aansienlike afname (voor seisoensaansuiwering) aangeteken in die langtermyndepositokomponent van M3 (wat na konstantheid verander indien die invloed van seisoensfaktore wel in ag geneem word).


Die koers van toename in M3 oor periodes van twaalf maande, wat in die baie vroeë stadiums van die mikpuntjaar 1988, dit wil sê aan die maandeindes van November en Desember 1987, 17,4 persent beloop het, het gedurende die kalenderjaar 1988 nooit tot minder as 19 persent gedaal nie. Nadat dit in Oktober 1988 27,7 persent bereik het, het hierdie toenamekoers in November tot 25,0 persent teruggesak voordat dit in sowel Desember 1988 as Januarie 1989 weer na 'n vlak van meer as 27 persent teruggekeer het.

Die belangrikste statistiese teenhanger van die toename van R6,1 miljard in M3 (ná seisoensaansuiwering) in die vierde kwartaal van 1988 was 'n toename van R5,2 miljard in die binnelandse kredietverlening. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre sektor, wat in die derde kwartaal van 1988 met R1,5 miljard gedaal het, het in die daaropvolgende drie maande 'n positiewe bydrae van R0,4 miljard tot M3 gemaak.

Die mikpuntjaar 1988

Soos in die Reserwebank se onlangse publikasie *Geldvoorraadmikpunte vir 1989* betreklik breedvoerig bespreek is, het die groei in die kwartaallikse gemiddelde van M3 in die loop van die mikpuntjaar 1988, dit wil sê vanaf die vierde kwartaal van 1987 tot die vierde kwartaal van 1988, 26,5 persent beloop. Hierdie toenamekoers was dus aansienlik hoër as die mikpuntperk van 12 tot 16 persent wat ten aansien van die groei in M3 in 1988 gestel is. Op sy peil van R114,5 miljard het die kwartaallikse gemiddelde van M3 in die vierde kwartaal van 1988 die boonste en onderste grense van die mikpuntgebied met nagenoeg R9,5 miljard en R13,1 miljard of met 9,1 en 13,0 persent oorskry. Die waardes van M3 soos op maandeindes het reg vanaf die begin van die mikpuntjaar 1988 (wat op die middel van November 1987 gestel word) bo die boonste grens van die mikpunt- "kegel" gelê en het ook reeds vanaf so vroeg as Februarie 1988 die boonste grens van die

Geldvoorraad



mikpunt- "tonnel" oorskry. Daarna het die bedrag van M3 gedurende die res van die mikpuntjaar tot die middel van November 1988 steeds bo die "kegel" sowel as die "tonnel" te staan gekom.

Die groei in M3 in die opeenvolgende kalenderkwartale van 1988 was konsekwent hoër as die toenamekoerse in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse gedurende daardie kwartale. Die gevolg hiervan was dat die "inkome"-omloopsnelheid van M3 (dit wil sê die verhouding van die kwartaallikse bruto binnelandse produk, teen heersende pryse en teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, tot die kwartaallikse gemiddelde van M3, ná seisoensaansuiwering, gedurende die betrokke kwartaal) vanaf 1,976 in die vierde kwartaal van 1987 tot 1,832 in die vierde kwartaal van 1988, of met 7,3 persent, afgeneem het. Die toename in die "effektiewe" M3-geldvoorraad, dit wil sê in die M3-geldvoorraad wat vir veranderings in die omloopsnelheid daarvan aangesuiwer is, het dienoordeengomstig gedurende die mikpuntjaar 17,3 persent beloop.

Groeikoerse van M3 wat heelwat bo die boonste grens van die mikpuntgebied van 12 tot 16 persent gelê het, kon gedeeltelik verklaar word aan die hand van die onverwagte sterkte van die oplewing in die binnelandse besteding en produksie in 1988, terwyl dit gedeeltelik ook toegeskryf kan word aan 'n opmerklike toename in die "egte likwiditeitsvoordeur", dit wil sê aan 'n toename in die vraag na geld as 'n "bate om te hou" wat nie op enige regstreekse wyse met "transaksie"-behoeftes aan geld of nabye plaasvervangers vir geld by gegewe vlakke van die bruto binnelandse produk teen heersende pryse in verband gebring kan word nie. Omloopsnelheidverminderinge toenames in die vraag na "geld om te besit" kon op hulle beurt gedeeltelik teruggevoer word na 'n verskeidenheid faktore wat die uitwerking gehad het om die aantreklikheid van depositobeleggings met 'n vaste waarde by monetêre instellings (soos wat by M3 ingesluit word), teenoor die aantreklikhede van langtermyn-vasterentledraende finansiële beleggings, aandele of beleggings met 'n aandelebasis, of tasbare bates, te verhoog in die algemene omstandighede wat in 1988 geheers het. Toenames in die vraag na geld en nabye geldplaasvervangers het gedeeltelik ook hul oorsprong gehad in herintermediariesverskynsels wat voortgespruit het uit 'n bestendige vernouing van die gaping tussen monetêre instellings se gemiddelde uitleen- en gemiddelde depositorentekoerse in die loop van die jaar.

Die teenhanger van die toename in M3 in die boeke van monetêre instellings gedurende die mikpuntjaar 1988 het in oorweldigende mate bestaan uit 'n styging van R25,9 miljard (of 29,3 persent) in hierdie instellings se kredietverlening aan die binnelandse private sektor. Ondanks die afname in M3 se omloopsnelheid het die monetêre owerhede in die heersende omstandighede sowel die toename in M3 as die toename in bankkre-

diet aan die private sektor as klaarblyklik oormatig beskou. As sodanig het dit 'n belangrike rede verskaf waarom die owerhede in Desember 1987 na 'n meer beperkende ingesteldheid van hul beleid verskuif het en waarom verdere beperkende maatreëls (met inbegrip van vyf Bankkoersaanpassings, waardeur die Bankkoers van 9,5 tot 16,0 persent verhoog is) tussen Maart 1988 en Februarie 1989 aanvaar is.


Groeikoerse wat laer was as dié van M3 (soos dit vir die doel van mikpuntstelling gemeet word) is in 1988 deur langtermyndeposito's sowel as deur note en munte in omloop, tjeke- en transmissiedeposito's en totale M1A aan die dag gelê. Groeikoerse wat heelwat hoër was as dié van M3 is deur "ander onmiddellik openbare" deposito's en deur "ander kort"- en middeltermyndeposito's, en gevoldlik ook deur M1 en M2, aangegeteken. Die vergelykenderwys baie lae (5,0 persent) koers van toename in langtermyndeposito's is per saldo blykbaar slegs in geringe mate aangehelp deur die rentekoerssubsidie ten opsigte van hierdie deposito's wat in Mei 1988 vir senior burgers ingestel is.

Nuwe geldvoorraadmikpunt vir mikpuntjaar 1989

'n Nuwe mikpunt van 14 tot 18 persent vir die toenamekoers in M3 van die vierde kwartaal van 1988 tot die vierde kwartaal van 1989 is op 7 Maart 1989 deur die Reserwebank aangekondig. Ingevolge hierdie perke aan die groei in M3 sou die kwartaallikse gemiddelde van M3 in die vierde kwartaal van 1989 nie meer as R135,1 miljard of minder as R130,6 miljard moes beloop nie.

Ter verduideliking van die monetêre owerhede se besluit om die boonste en onderste grense van die mikpuntperk met twee persentasiepunte bo hul vlakte van 1988 te verhoog, het die Reserwebank verklaar dat dit gebaseer is op die owerhede se aanvaarding van 'n breë ekonomiese projeksie vir 1989 wat voorstiening gemaak het vir 'n verdere toename in die reële bruto binnelandse produk van ongeveer 2 persent, 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans van omstreeks R4 miljard, 'n geleidelike styging in die amptelike goud- en buitelandse valutareserwes, en 'n gemiddelde koers van toename in die verbruikersprysindeks van om en by 15 persent. Dit is dus as realisties beskou om te erken dat die inflasiekoers in die Suid-Afrikaanse ekonomie waarskynlik in die eerskomende aantal maande sou voortgaan om te styg voordat dit die dalende neiging wat dit in 1987 en 1988 getoon het, sou hervat. Die aanvaarding van 'n tydelike versnelling van die inflasie het egter nie betekent dat die owerhede se vasbeslotenheid om die groei van die "effektiewe" geldvoorraad (dit wil sê die geldvoorraad na aansuiwering vir omloopsnelheidveranderings) te beheer om die inflasiekoers af te bring, verflou het nie. Daar is in teendeel geglo dat die bereiking van die nuwe monetêre mikpunt, tesame met verwesenliking

Mikpuntgrense vir groei in M3




van die geprojekteerde reële ekonomiese groeikoers van 2 persent, die verwagte versnelling van die inflasie tot 'n minimum sou beperk voordat dit hierdie versnelling weer sou omkeer.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die totale eise van alle monetêre instellings (banke, bouverenigings en die Postspaarbank) teen die private sektor het in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1988 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 32½ persent gestyg. Bankinstellings se eise teen die private sektor, wat so onlangs as die tweede kwartaal van 1987 nog teen 'n jaarkoers van slegs 2,5 persent gestyg het, het in albei hierdie kwartale teen buitengewoon hoë jaarkoerse van meer as 40 persent toegeneem; die koers van 48,0 persent in die vierde kwartaal was binne trefafstand van die ongewone rekordgroeikoers van 53,4 persent wat in die tweede kwartaal van 1981, dit wil sê in 'n gevorderde stadium van die destydse goudprys-hoogkonjunktuur, aangeteken is.

Eise van banksektor teen binnelandse private sektor as persentasie van nominale bruto binnelandse produk



Die vraag van die private sektor na krediet van die monetêre instellings het in die derde en vroeg in die vierde kwartaal 'n ekstra stoot vorentoe gekry as gevolg van "voorkoop"-aankope deur huishoudings en sake-ondernehmings. Die private kredietvraag is ook regdeur die derde en vierde kwartaal aangehelp deur die verstewiging van die private sektor se vaste investeringsbesteding wat tot in daardie stadium nog nie tot 'n min of meer eweredige toename in die bedrywigheid van geïnkorporeerde leners met betrekking tot nuwe uitgifte op die effektebeurs aanleiding gegee het nie.

Die totale eise van alle monetêre instellings teen die private sektor het in die vierde kwartaal met R5,5 miljard toegeneem. Die gemiddelde maandelikse toe-

Veranderings in eise teen die private sektor*

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

	Alle monetêre instellings %	Bankstelsel %
1987: 1e kwartaal	12,7	13,7
2e kwartaal	9,2	2,5
3e kwartaal	15,1	13,1
4e kwartaal	20,9	36,0
1988: 1e kwartaal	27,0	32,8
2e kwartaal	25,3	31,0
3e kwartaal	32,4	43,3
4e kwartaal	32,7	48,0

*Kwartaal-tot-kwartaalveranderings in kwartaallikse gemiddeldes

name in huurkoop- en bruikhuurfinansiering het gedurende die vierde kwartaal R455 miljoen bedra, teenoor 'n gemiddelde maandelikse styging van R355 miljoen gedurende die voorafgaande nege maande.

Dit wil voorkom asof 'n geringe afname in die vraag na verbandvoorskotte teen die einde van die jaar ingetree het. Hierdie vraagverslapping het steun ontvang van die kant van die banke se verminderde bereidwilheid om, in die lig van hul knapper likwiditeitsposisies en krimpende rentekoersverskille, wel nog sodanige voorskotte toe te staan. Die toename in die banke se besit aan verbandlenings het dienooreenkomsdig 'n matige daling getoon vanaf R1,8 miljard in die derde kwartaal tot R1,6 miljard in die vierde kwartaal. Die bouverenigings het hul besit aan verbande egter nog in albei hierdie periodes met ongeveer R1,0 miljard uitgebrei.

Monetêre instellings se netto eise teen die regeringsektor het in die vierde kwartaal effens (naamlik met R0,3 miljard) teruggesak. Aansienlike verliese (vir rekening van die Tesourie) is egter nog deur die Reserwebank by sy verskaffing van termyndekking op buitenlandse valuta opgedoen.


Reserwebankoptrede in die geldmark

Die toestand op die geldmark, soos dit aan die hand van die mark se behoefté aan akkommodasie deur die Reserwebank gemeet word, het gedurende November en Desember 1988 asook in Januarie, Februarie en die eerste helfte van Maart 1989 stram gebly. Dit kon toegeskryf word aan die volgehoudé hoë tempo van die monetêre instellings se uitleenbedrywighede sowel as aan seisoensfaktore (soos die groot toename in die note in omloop gedurende Desember), groot belastingbetalings aan die einde van Februarie 1989 en die volgehoudé hoë vlak van die regeringsaldo's by die Reserwebank.

In 'n verklaring gedateer 2 Desember 1988 het die Reserwebank aangekondig dat ofskoon geen verslapping van die monetêre beleid beoog is nie, die onlangse stygings van die rentekoerse, die verbeterde vooruitsigte vir die staatsfinansies (onder andere as gevolg van die feit dat verhoogde brandstofheffings vanaf 16 Januarie 1989 ingestel word) en ander gebeure voldoende redes voorsien het om die Bankkoers voorlopig onveranderd te hou op sy peil van 14,5 persent. Daarbenewens sou die Bank die seisoensvernouwing van die geldmarktoestand wat in daardie stadium voorsien is, teewerk deur terugkoopooreenkomsste of ander transaksies in die opemark aan te gaan.

Terugkoopooreenkomsste vir bedrae van tussen R200 miljoen en R900 miljoen is gedurende die periode vanaf 27 Desember tot 12 Januarie deur die Bank gesluit. Daarna is bystand in die vorm van terugkoopooreenkomsste vir bedrae van tot R1 000 miljoen weer gedurende die tydperk van 23 Januarie tot 8 Februarie deur die Bank voorsien. Die bedrag aan terugkoopoor-

Akkommodasie by die diskontovenster



eenkomste wat vervolgens gedurende die periode van 24 Februarie tot 7 Maart deur die Bank aangegaan is, het eweneens 'n hoogtepunt van R1 000 miljoen bereik.


Ondanks hierdie bystand wat die Bank deur middel van sy transaksies in die markte verleen het, het die akkommodasie van die geldmark by die Bank se diskontovenster van 'n gemiddelde daaglikske bedrag van R1,4 miljard in November 1988 tot R2,1 miljard in Desember gestyg. Deels as gevolg van die ophoping van regeringsaldo's by die Reserwebank (wat op 26 Januarie 1989 'n hoogtepunt van R6,2 miljard bereik het) het die gemiddelde daaglikske bedrag aan akkommodasie by die diskontovenster vervolgens nog weer verder gestyg tot R2,6 miljard in Januarie 1989, R2,7 miljard in Februarie en R2,7 miljard gedurende die eerste twee weke van Maart. Op 31 Januarie 1989 het dit op 'n nuwe rekordvlak van R3,4 miljard te staan gekom.

Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank in die ope effektemark het in die vierde kwartaal van 1988 R2,3 miljard en in Januarie en Februarie R0,7 miljard bedra. In teenstelling hiermee het die Bank gedurende die eerste twee maande van 1988 per saldo 'n klein bedrag aan effekte aangekoop.

Geldmarkrentekoerse

Die geldmarkrentekoerse het, onder invloed van die volgehoudé vinnige toename in bankkrediet, die feit dat die groei in die geldvoorraad die mikpunte oorskry het,

Korttermynrentekoerse



die opwaartse neiging in die rentepeil in die meer belangrike oorsese ekonomiese, en markdeelnemers se persepsies van die gespanne betalingsbalans- en buitelandsereserveposisie, ná die Bankkoersverhoging (van 12,5 tot 14,5 persent) van 3 November 1988 nog 'n ruk lank aangehou om te verstewig. Die prima-oortrekingskoerse van die verrekeningsbanke is oor die algemeen, saam met die Bankkoersverhoging, met ingang van 3 November van 16,0 tot 18,0 persent verhoog. Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande het van 14,7 persent aan die einde van Oktober tot 16,0 persent aan die einde van November gestyg. Op hierdie vlak het dit die Reserwebank se nuwe minimumherdiskonteringskoers met 'n heel aannemlike 1,2 persentasiepunte oorskry.

Ná die Reserwebank se beleidaankondiging van 2 Desember het die markrentekoerse aansienlik verslap. Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande het van sy vlak van 16,0 persent aan die einde van November 1988 tot 'n laagtepunt van 15,20 persent op 7 Februarie 1989 gedaal. Die skatkiswisseltenderkoers is vanaf 23 Desember 1988 toegelaat om volgens die werking van markvraag en -aanbod in nouere ooreenstemming met die koerse op vergelykbare geldmarkinstrumente te kom. Hierdie koers het gevvolglik tot 15,33 persent op 23 Desember gestyg voordat dit per saldo weer tot 'n laagtepunt van 14,98 persent op 3 Februarie 1989 gedaal het.

Verskeie ongunstige ontwikkelings in die loop van Januarie en Februarie 1989 – met name die feit dat die dollarprys van goud tot 'n vlak van heelwat minder as

VSA\$400 per fyn ons gedaal het, verdere stygings in die rentepeil in Europa en die Verenigde State, en die volgehoue baie hoë koers van toename in die geldvoorraad – het die Reserwebank daartoe gelei om die Bankkoers (dit wil sê die Bank se minimum koers vir die herdiskontering van skatkiswissels) vir sowel die banke as die diskontohuise met ingang van 23 Februarie 1989 tot 16,0 persent te verhoog. Hierdie stap het dus ook die afskaffing beteken van die voorkeurmarge van $\frac{1}{2}$ persent waarvan die diskontohuise voorheen met betrekking tot die Reserwebank se herdiskonteringskoerse die voordeel geniet het. Die afskaffing van hierdie marge – wat beteken het dat die Bank se herdiskonteringskoers vir skatkiswissels vir die diskontohuise van 14,5 tot 16,0 persent verhoog is – was hoofsaaklik 'n tegniese aanpassing ter erkenning van die evolusionêre veranderings wat oor die afgeloede aantal jare in die funksies van die diskontohuise voorgekom het. In die besonder was dit 'n weerspieëeling van die feit dat die huise nie langer as die belangrikste leikanaal gedien het waardeur die banke akkommodasie van die Reserwebank opgeneem het nie.

In reaksie op die verhoging van die Bankkoers het die verrekeningsbanke – wat aanvanklik met 'n mate van onsekerheid, voortspruitende uit die onlangse wysigings van die Woekerwet, opgetree het – oor die algemeen hulle prima-oortrekingskoerse met ingang van datums tussen 24 en 28 Februarie van 18 tot 19 persent verhoog. Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande het vanaf 15,70 persent onmiddellik voor die Bankkoersverhoging tot 16,25 persent op 23 Februarie gestyg (teenoor die Reserwebank se nuwe herdiskonteringskoers van 16,30 persent vir sodanige aksepte) en op 15 Maart op 16,40 persent te staan gekom.


Kapitaalmarkbedrywigheid

Nadat die handelsbedrywigheid in die kapitaalmark in die derde kwartaal van 1988 effens herstel het, het dit in die vierde kwartaal weer teruggesak. Die pryse van aandele het egter betekenisvolle verdere stygings getoon. 'n Geringe verdere styging het ook in die waarde van vaste-eiendomstransaksies voorgekom.

Die omset van effekte van die openbare sektor het sterk ingekrimp ná die verhoging van die Bankkoers wat op 3 November van krag geword het. Die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, het vanaf R47,9 miljard in die derde kwartaal van 1988 tot R35,0 miljard in die vierde kwartaal afgeneem. Die omset van sodanige effekte gedurende 1988 in sy geheel het nietemin nog met 6 persent tot R175,7 miljard gestyg, vanaf die omset van R165,2 miljard wat in die voorafgaande jaar aangeteken is.

Die waarde van die aandele wat op die effektebeurs verhandel is, het van die derde tot die vierde kwartaal van 1988 geen verandering getoon nie op 'n peil van

Effektebeurstransaksies




R3,0 miljard. Die totale omvang van die handel in aandele in die jaar 1988, wat R11,2 miljard beloop het, was sowat 43 persent laer as die totale omset van R19,5 miljard in 1987.


Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele, wat, ná die ineenstorting van die aandelepryse in Oktober-November 1987, vanaf die tweede kwartaal van 1988 met periodieke onderbrekings begin herstel het, het in die derde kwartaal van 1988 met 3 persent en in die vierde met 'n indrukwekkende 9 persent gestyg. Daarna het dit in Januarie-Februarie 1989 'n aansienlike verdere styging van 9 persent getoon. Die ge-

middelde prysvlakte van goudmynaandele, nywerheids- en handelsaandele en "alle klasse" aandele was in Februarie 1989 egter nog steeds 47, 17 en 23 persent laer as in September 1987. Op 'n daagliks basis het die JE-Aktuarisse-prysindeks van nywer-

Aandelepryse



Effektebeurstransaksies



heidsaandele op 7 Maart 1989 die rekordhoogte wat op 19 Oktober 1987 voor die prysineenstorting deur hierdie indeks bereik is, verby gesteek.

In die primêre markte het die netto nuwe uitgiftes van effekte van die openbare sektor aan beleggers in die private sektor effens afgeneem van R1,1 miljard in die derde kwartaal van 1988 tot R1,0 miljard in die vierde kwartaal. Die totaal van hierdie uitgiftes het in die kalenderjaar 1988 R4,0 miljard beloop, wat 22 persent laer was as die bedrag van R5,1 miljard in die voorafgaande jaar.

Die uitgiftes van gewone aandele deur maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, het van R326 miljoen in die derde kwartaal van 1988 tot R301 miljoen in die vierde kwartaal gedaal. Daarteenoor het die uitgiftes van vaste-rentedraende effekte deur hierdie maatskappye van nul in die derde kwartaal tot R183 miljoen in die vierde kwartaal toegeneem. Die mate waarin korporatiewe organisasies in die loop van 1988 hul toevlug tot die kapitaalmark geneem het, is klaarblyklik beïnvloed deur die toestande wat gedurende die jaar op die aandelemark geheers het. Die bedrag van die nuwe aandelekapitaal wat deur maatskappye uitgereik is, het dienooreenkomsdig vanaf R1 974 miljoen in 1987 tot R876 miljoen in 1988 verminder; die nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte deur maatskappye het van R537 miljoen in 1987 tot R222 miljoen in 1988 afgeneem.

In die verbandmark het die waarde van die behuisingslenings wat deur die bouverenigings uitbetaal is, in die vierde kwartaal R2,4 miljard bedra, teenoor R2,8 miljard in die voorafgaande drie maande. Die totale bedrag van die lenings wat in 1988 uitbetaal is, was, op sy vlak van R9,7 miljard, nietemin R1,0 miljard hoër as in 1987.

Die bouverenigings se totale *besit* aan behuisingslenings het in sowel die derde as die vierde kwartaal van 1988 met R0,9 miljard toegeneem (tot 'n totaal van R29,6 miljard aan die einde van die jaar). Die toename in hierdie besit ten bedrae van R3,5 miljard gedurende die jaar het nietemin 'n taamlik duidelike teruggang beteken van die toename van R3,9 miljard wat in 1987 aangeteken is. In teenstelling daarvan het die toename in die *banke* se besit aan behuisingslenings vanaf R1,8 miljard in die derde kwartaal tot R1,3 miljard in die vierde kwartaal van 1988 gedaal (waardeur die totaal van hierdie besit aan die einde van die jaar op R10,3 miljard te staan gekom het), namate stygende korttermynrentekoerse en krimpende of verdwynende rentekoersmarges, die banke se strammer likwiditeitsposisies en hul volgehoue hoe uitleenbedrywigheid op die terrein van korttermynkrediet die aantreklikheid van verbandfinansiering verminder het. Die totale toename in die banke se besit aan behuisingslenings gedurende die jaar 1988, wat R5,9 miljard bedra het, was nietemin 'n merkwaardige 180 persent hoër as in die jaar 1987. Die feit dat die toename in die bouverenigings se besit aan verbandlenings, ondanks die betrek-

lik groot bedrae van hul verbandlenings uitbetalings betreklik klein was, was die gevolg van groot kapitaaldelgings wat uit hoofde van huiseienaars se omskakeling van bouverenigingslenings na banklenings en ander bronse van verbandfinansiering gemaak is. Teen die einde van 1988 en in die begin van 1989 is die vraag na behuisingsfinansiering in 'n nie-onbeduidende mate beïnvloed deur die verskillende verhogings wat sedert Oktober 1988 aan die verbandkoerse aangebring is.

Die waarde van vaste-eiendomtransaksies het in die vierde kwartaal van 1988 sowat R5,0 miljard bedra, teenoor R4,9 miljard in die derde kwartaal. Die totale waarde van hierdie transaksies het in 1988 op R19,6 miljard te staan gekom, wat 'n aansienlike 29 persent hoër was as in die voorafgaande jaar.

Rente- en opbrengskoerse


Die afwaartse beweging van die langtermynrentekoerse, wat aan die begin van die tweede kwartaal van 1988 'n aanvang geneem het, het in Oktober sy stu-krag verloor en die omgekeerde rigting ingeslaan. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 16,6 persent in Maart 1988 tot 16,0 persent in September gedaal, maar na 16,5 persent in Oktober en 16,8 persent in November terugbeweeg voordat dit weer marginaal tot 16,6 persent in Januarie 1989 gedaal het. Daarna het dit effens verder afgeneem tot 16,5 persent in die eerste helfte van Februarie. Die teleurstellende verloop van die dollarprys van goud in Februarie 1989, die volgehoue groot toenames in die geldvoorraad en stygging in die korttermynkoerse, en besorgdheid oor die moontlike omvang van die Regering se begrotingstekort in die fiskale jaar 1989/90, het vervolgens egter meegebring dat hierdie opbrengskoers weer tot 'n gemiddelde van 16,7 persent in die tweede helfte van Februarie 1989 gestyg het, sodat die maandelikse gemiddelde onveranderd gebly het op 16,6 persent.

As die spieëlbeeld van die verbetering in die aandelepryse, het die maandelikse gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 6,3 persent in September 1988 tot 6,0 persent in Desember en tot 5,7 persent in Februarie 1989, afgeneem. In September 1987 het hierdie opbrengskoers 'n laagtepunt van 3,6 persent bereik.

Ná die verhoging van die Bankkoers van 12,5 persent tot 14,5 persent met ingang van 3 November 1988, is die bouverenigings se oorheersende huisverbandkoers vanaf 15,0 persent in die derde kwartaal van 1988 tot 18,0 persent aan die einde van Februarie 1989 verhoog, teenoor die koers van 12,5 persent wat in Februarie 1988 geheers het. Sekere bouverenigings het hulle verbandkoerse tot 18,25 persent verhoog. Hierdie verhogings is ingestel vóór die Bankkoersverhoging wat op 23 Februarie in werking getree het; geen verdere verhogings van die verbandkoerse is

Staatsfinansies

Langtermynrentekoerse



vanaf 23 Februarie tot die derde week in Maart deur die bouverenigings aangekondig nie.

Die oorheersende rentekoers op deposito's van twaalf maande by die banke en die bouverenigings is gedurende 1988 in verskeie stappe verhoog. Aan die einde van Februarie 1989 is 'n koers van 14,5 persent deur sowel die banke as die bouverenigings op hierdie deposito's aangebied, teenoor die koers van onder-skeidelik 10,8 persent en 11,0 persent wat in Februarie 1988 deur die banke en die bouverenigings op hierdie deposito's genoteer is.


Resultaat van die Sentrale Regering se Begroting vir die fiskale jaar 1988/89

Die verwagte resultaat van die Begroting van die Sentrale Regering vir die fiskale jaar 1988/89 wat deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede van 15 Maart 1989 aangekondig is, het in belangrike mate van die begrotingsramings van Maart 1988 afgewyk. Sowel die skatkisuitreikings as die skatkisontvangste was aanmerklik hoër as in die oorspronklike begrotingsramings. Die uiteindelike stimulerende uitwerking van die Begroting vir 1988/89 was egter effens kleiner as wat in Maart 1988 in die vooruitsig gestel is.

Die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente in die fiskale jaar 1988/89 sou volgens die Minister se raming R56 556 miljoen beloop. Dit sou die oorspronklike begrotingsramings met R2 691 miljoen of 5 persent oorskry. Die toename in die skatkisuitreikings in die fiskale jaar 1988/89 vanaf die werklike bedrag van die uitreikings in die fiskale jaar 1987/88 sou 18,4 persent bedra, wat sou neerkom op 'n *reëele* styging van ongeveer 5 persent.

Die totale inkomste-invorderings in die fiskale jaar 1988/89 is deur die Minister op R47 460 miljoen ge-ram. Dit sou die oorspronklike begrotingsramings met 'n aansienlike bedrag van R3 455 miljoen of met bykans 7,9 persent oorskry. Die toename in die inkom-

Skatkisuitreikings en -ontvangste



ste-ontvangste in die fiskale jaar 1988/89 vanaf die werklike ontvangste in 1987/88 sou 'n opmerklik hoë 25,2 persent beloop, wat 'n reële styging van byna 11,0 persent sou beteken. Soos in die bygaande tabel getoon word, is daar in die fiskale jaar 1988/89 groot toenames in die invorderings van inkomstebelasting van maatskappye (uitgesonderd mynmaatskappye) en van algemene verkoopbelasting aangeteken. Hierbenewens het die relatiewe toename in die ontvangste van doeane- en aksynsregte op 'n buitengewoon hoë peil van 90 persent te staan gekom, wat die begrotingsramings aansienlik te bove gegaan het. 'n Daling in die ontvangste vanaf goud- en ander myne is reeds in die oorspronklike begrotingsramings voorsien; die ontvangste van mynmaatskappye behalwe goudmynmaatskappye was in werklikheid egter ongeveer 32 persent hoër as wat vir die doel van die Begroting geprojekteer is.

Die ontvangste aan algemene verkoopbelasting was beduidend hoër as in die oorspronklike begrotingsramings vanweë die feit dat die vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en besteding hoër was as wat verwag is en vanweë die uitfasering van die debiteuretoelaes met betrekking tot die verkoopbelasting, waarmee vanaf 1 Julie 1988 'n begin gemaak is. Die totale ontvangste aan doeane- en aksynsregte het, hoofsaaklik vanweë aansienlike stygings in die invorderings van doeane-regte in die algemeen, die bobelasting op ingevoerde goedere en die brandstofheffing, eweneens 'n aanmerklike toename getoon. Die hoër peil van die invorderings van doeane-regte het met die hoër vlak van die invoer in die algemeen in verband gestaan; die hoër bobelastingskoerse op sekere kategorieë invoergoedere het vanaf 15 Augustus 1988 van krag geword. Die brandstofheffings is by drie geleenthede in die loop van die fiskale jaar 1988/89 verhoog.

Die geraamde tekort voor lenings en skuldaflossing ten aansien van die fiskale jaar 1988/89 het R9 096 miljoen beloop, wat R764 miljoen minder was as waarvoor die oorspronklike begrotingsramings voorsiening gemaak het. Op hierdie peil het die begrotingstekort

soos aangeteken op 4,4 persent van die verwagte bruto binnelandse produk te staan gekom, wat effens minder was as die verhouding van 4,9 persent van die bruto binnelandse produk wat deur die oorspronklike begrotingsramings in die vooruitsig gestel is. Die geraamde tekort van R9 096 miljoen en leningsterugbelatings van R4 991 miljoen sou na verwagting gefinansier word, en daar is voorgestel dat die voorsiene oorskot vir 1988/89 aangewend word, op die wyse soos hieronder uiteengesit:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommis-sarisse (OBK)	4 800
Nuwe uitgiftes van staatseffekte	6 489
Nie-bemarkbare effekte (netto)	-405
Buitelandse lenings (netto) ¹	412
Korttermynlenings (netto)	-1 760
Gebruik van beskikbare kontantsaldo's ²	280
Oordragte na:	
Reserwebank	-1 000
Spesiale Verdedigingsrekening	-320
Verkoop van bates	600
Totaal	9 096

¹ Met inbegrip van fondse uit buitelandse deposito's wat by die OBK gehou word.

² Toename -; afname +.

Die Staatsbegroting vir 1989/90

In sy voorlegging van die Begroting vir 1989/90 aan die Parlement op 15 Maart 1989 het die Minister van Finansies verklaar dat die ekonomiese beleid in die komende jaar die sterk uitbreiding wat gedurende die afgelope jaar in die binnelandse besteding voorgekom het, sou moes temper, en dat die fiskale beleid in daardie verband 'n besondere verantwoordelikheid sou moes dra. Die Begroting soos aangebied was op sowel die korttermyn- as


Staatsinkomstefonds – Inkomste-invorderings in 1988/89

	Begroting ¹		Verwagte invorderings	
	R miljoene	Persentasieverandering ²	R miljoene	Persentasieverandering ²
Totale invorderings vanaf goud- en ander myne	2 840	-16,5	3 076	-9,6
Inkomstebelastinginvorderings vanaf ander maatskappye	7 535	26,8	8 100	36,3
Inkomstebelastinginvorderings vanaf individue	13 595	11,6	13 960	14,6
Algemene verkoopbelasting	11 600	14,0	12 900	26,8
Doeane- en aksynsregte	5 320	54,8	6 530	90,0
Ander ontvangste	3 115	18,7	2 894	10,3
Totale ontvangste	44 005	15,9	47 460	25,0

¹ Begrotingsrede, Maart 1988.

² In vergelyking met werklike invorderings gedurende die fiskale jaar 1987/88.

Skatkistekort*



die langtermyndoelstellings van die Regering gemik en het ook beoog om steun te verleen aan die struktuuraanpassings wat alreeds besig was om in die ekonomie plaas te vind.

Wat die Regering se ekonomiese beleidsdoelstellings op die kort termyn betrek, het die Minister verklaar dat die Begroting die sukses wat in die afgelope jaar behaal is, moet konsolideer. Die Begroting sou moes help om die betalingsbalans te verstewig en nie self bydra tot besorgdheid oor die wisselkoers en die land se buitelandse-skuldterugbetaalingsverpligtings nie. Dit sou ook nie die inflasieprobleem moes vererger deur oormatige toenames in die binnelandse besteding of deur ongesonde maniere van finansiering van die tekort voor lenings nie. 'n Oormatige groot tekort voor lenings moes vermy word om onnodige verdere druk op die geld- en kapitaalmarkte wat tot hoë rentekoerse sou lei, te voorkom. Die sterk oplewing in die private sektor sou egter nie onnodig ingeperk of afgekoel moes word nie maar sou juis soveel as moontlik ruimte toegelaat moes word.

Die Minister het voorts verklaar dat die fiskale beleid so ná as moontlik by die Regering se ekonomiese doelstellings op die lang termyn sou moes hou. Die Regering het die Langtermyn Ekonomiese Strategie wat deur die Ekonomiese Adviesraad opgestel is, aanvaar,

waarvolgens die staatsuitgawes stadiger behoort toe te neem as die uitgawes in die res van die ekonomie, die tekort voor lenings geleidelik afgebring behoort te word na 'nvlak wat nie hoër is as 3 persent van die bruto binnelandse produk nie, daar by die vyfjarige riglynprogram vir die staatsuitgawes gehou sal word, en die belastingdruk, veral op die persoonlike sektor, nie verder verhoog behoort te word nie maar geleidelik selfs verminder sal word. Verskeie ontwikkelings soos die Regering se vredesinitiatiewe, die instelling van gebruikersheffings en privatisering het moontlikhede geskep vir 'n uiteindelike strukturele verlaging van die staatsbesteding. Die uitwerking van hierdie ontwikkelings op die staatsbesteding was tot dusver egter nog te beperk om tans reeds 'n beduidende verligting van die belastingdruk toe te laat of om ruimte te skep vir 'n vinniger verskuiwing van direkte na indirekte belasting. Hierteenoor was daar wel reeds met 'n verskuiwing in die rigting van 'n kleiner relatiewe tekort voor lenings vordering gemaak.

Wat die gewenste struktuuraanpassings in die ekonomie betrek, was die Begroting daarop gemik om aanpassingsprogramme in die landbou, die mynwese, die fabriekswese en die finansiële sektor te ondersteun. Hierdie programme en die betrokke begrotingsvoorstelle het ten doel gehad om 'n gesonde basis te lê vir hoë ekonomiese groeikoerse in die toekoms.

Die staatsinkomste sou volgens raming in die fiskale jaar 1989/90 met 16,0 persent toeneem. By hierdie raming was ingesluit die inkomsteverhogende uitwerking van 'n verhoging met een persentasiepunt (tot 13 persent) van die koers van die algemene verkoopbelasting, wat vanaf 20 Maart 1989 in werking sou tree, en van 'n verhoging van die aksynsregte op 'n reeks produkte, sowel as die inkomsteverminderende uitwerking van verhogings van die primêre kortings vir individuele belastingbetalers en van 'n klein verlaging van die belasting op die mynbedryf. Die voorgestelde afsonderlike belasting van egpare, waarvolgens alle salaristrekende werkende vroue kragtens die stelsel van standaard-inkomstebelasting op werknemers (die SIBW-stelsel) belas sal word, en verhogings van die SIBW-plafonne vir mans en ongetrouwe vroue, sou in die fiskale jaar 1989/90 nie tot 'n verlies aan belasting lei nie.

Die staatsbesteding sou volgens die Begroting in die fiskale jaar 1989/90 met 15,0 persent toeneem; dit sou na verwagting beteken dat die reële staatsbesteding geen groei sou toon nie. By hierdie toename van 15 persent was 'n bedrag van R1 000 miljoen ingesluit wat as 'n voorsiening vir onvoorsiene bestedingshoeftes opsy gesit is. Die aandeel van kapitaalbesteding in die totale besteding sou na raming R5 076 miljoen beloop. Dit sou ongeveer 7 persent meer wees as die bedrag waarvoor oorspronklik ten aansien van die fiskale jaar 1988/89 begroot is. Die tekort voor lenings is op R9 949 miljoen geraam, wat sou gelykstaan aan ongeveer 4,1 persent van die bruto binne-

landse produk. Daar is voorgestel dat hierdie Begroting op die volgende wyse gefinansier sou word:

	R miljoene
Inkomste	55 068
Uitgawes	65 017
Tekort (voor lenings)	<u>9 949</u>
Finansiering (uitgesonderd skuldaflossing):	
Openbare Beleggingskommis-saris (OBK)	5 200
Nuwe uitgifte van staatseffekte ..	4 370
Nie-bemarkbare effekte (netto)	-280
Skuldstilstand en buitelandse fondse (netto)	367
Beskikbare saldo's ¹	<u>292</u>
Totaal	<u>9 949</u>

¹ Toename -; afname +.

Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir 1989/90

In die Begroting van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste vir die finansiële jaar 1989/90, wat op 22 Februarie 1989 in die Parlement ter tafel gelê is, is die totale inkomste in die nuwe finansiële jaar op R12 402 miljoen geraam. Die binnelandse tariewe en reisgelde is gemiddeld met 8,7 persent verhoog. Die bedryfsuitgawes in 1989/90 is op R12 400 miljoen geraam. Dit het beteken dat hierdie uitgawes vanaf die finansiële jaar 1988/89 tot die finansiële jaar 1989/90 met R1 552 miljoen, of 14,3 persent sou toeneem. Die bedryfsurplus wat hieruit sou voortspruit, is dienooreenkomsdig op R2 miljoen geraam, teenoor die begrote *tekort* van R96 miljoen en 'n verwagte werklike tekort van R115 miljoen in 1988/89. Die kapitaalbesteding in 1989/90 is op R1 710 miljoen gestel wat R783 miljoen of 'n aansienlike 84,5 persent meer sou wees as waarvoor in die Begroting vir 1988/89 voorsiening gemaak is. Aangesien beplan word dat die wetlike struktuur van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste in die van 'n selfbesturende korporatiewe liggaam omskep sal word, is dit waarskynlik dat die SAVD-Begroting van 22 Februarie 1989 die laaste sodanige begroting was wat in die Parlement ter tafel gelê is.

Begroting van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese vir 1989/90

In die Begroting van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese vir die finansiële jaar 1989/90, wat op 6 Maart 1989 in die Parlement ter tafel gelê is, is die bedryfsuitgawes op R5 155 miljoen geraam, wat 'n toename van sowat R805 miljoen of 18,5 persent bo die van die voorafgaande jaar sou beteken. Ondanks

hierdie aanmerklike styging in die besteding, is slegs matige verhogings van 'n wye reeks pos- en telekommunikasieteriewe voorgestel.

Die inkomste in 1989/90 is op R5 350 miljoen ge- raam, wat 4,1 persent hoér sou wees as in 1988/89. Hieruit sou 'n bedryfsurplus van R195 miljoen na vore kom. Die kapitaalbesteding is op R1 450 miljoen gestel, wat 10,9 persent minder sou wees as in 1988/89.

Soos in die geval van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, is dit moontlik dat die werksaamhede van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese ook in die betreklik nabye toekoms geherstruktureer sal word. Twee afsonderlike selfbesturende korporatiewe liggame word in die vooruitsig gestel wat onderskeidelik die pos- en die telekommunikasiebedrywighede van die Departement sal oorneem.

Verklaring oor voorgestelde veranderings aan die termyndekkingssreëlings

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

8 Desember 1988

Geleidelike onttrekking van die Reserwebank aan die termynmark

Met die goedkeuring van die Minister van Finansies sal die Reserwebank in die komende maande terugkeer na 'n beleid van ordelike onttrekking aan die termynmark in buitelandse valuta wat in Augustus 1985 onderbreek is.

Soos onthou sal word, het so 'n onttrekking deel uitgemaak van die aanbevelings met betrekking tot die buitelandse-valutamark wat deur die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika gedoen is en in Augustus 1983 deur die Regering aanvaar is.

Die stappe wat op daardie tydstip deur die Minister van Finansies aangekondig is, het ten doel gehad om 'n ware termynmark in buitelandse valuta te ontwikkel wat goed by die kontantmark ingeskakel sou wees en wat sonder daagliks steun van die Reserwebank kon funksioneer. Die belangrikste voordele van so 'n mark sou wees dat dit (i) daartoe sou bydra om, saam met realistiese rentekoerse, realistiese kontant- en termynwisselkoerse tot stand te bring en (ii) dat dit die verliese op termynvalutakontrakte vir die rekening van die Tesourie in 'n belangrike mate sou verminder en uiteindelik sou uitskakel.

Gedurende Augustus 1985 het die Reserwebank egter die beplande onttrekking aan die termynmark onderbreek as gevolg van die omringende omstandighede toentertyd met die afkondiging van die buitelandse skuldstilstand. Sedertdien het die Bank aansienlike bedrae aan termyndekking aan die buitelandse-valutamark toegestaan deur middel van ruiltransaksies vir 'n maksimum tydperk van twaalf maande wat op die heersende kontantwisselkoers gegrond is.

In die omstandighede het die saldo van die uitstaande termynverkope van die Reserwebank aansienlik toegeneem – wat deels toegeskryf kan word daaraan dat debiteure hul verpligtigs in buitelandse valuta onder die skuldstilstand gedek het, en deels daaraan dat die betalingsverpligtigs vir invoere sedert die middel van 1987 'n groot toename getoon het.

As gevolg van die stijging in die waarde van die VSA-dollar teenoor die rand gedurende die eerste tien maande van 1988, het die Reserwebank gedurende daardie tydperk aansienlike maar onvermydelike verliese op sy termynboek gely. Hierdie verliese was vir die rekening van die Tesourie en uiteindelik vir die rekening van die Suid-Afrikaanse belastingbetalers. Dit het die Reserwebank ook genoodsaak om onwillige kontantreserves vir die bankstelsel te skep en

het sodoende tot die oormatige stijging in die geldvoorraad gedurende hierdie tydperk bygedra.

Om die Reserwebank se geleidelike onttrekking aan die termynmark te vergemaklik en om steun aan die ordelike funksionering van die kontant- en termynmarkte te verleen, sal die Bank die praktyk hervat om goudmyne in VSA-dollars te betaal vir hulle produksie wat aan die Bank gelewer word, sodat die myne hierdie dollars in die binnelandse mark kan plaas binne die tydsgronde wat deur die Deviesebeheervoorskrifte bepaal word – tans sewe dae. Die opbrengs van die goudverkope sal na dollar-gedenomineerde rekeninge van die myne wat vir hierdie doel in die Reserwebank se boeke geskep sal word, gekrediteer word, en sal in opdrag van die myne uit hierdie rekeninge na gemagtigde handelaars in buitelandse valuta oorgeplaas word. Die myne sal ook toegelaat word om binne vastgestelde perke die dollaropbrengste van hul bekende toekomstige goudproduksie vooruit te verkoop.

Die presiese tydsberekening van die Reserwebank se geleidelike onttrekking aan die termynmark sal in samewerking met die betrokke banke bepaal word. Om ontwrigtende veranderings in rentekoerse en wisselkoerse te voorkom, sal dit 'n geleidelike proses moet wees en sal die Bank hom die reg voorbehou om na goeddunke te eniger tyd vir sy normale doelstellings as sentrale bank deur middel van intervensie in die termynmark op te tree.

Die Reserwebank sal voorlopig voortgaan met sy huidige gebruik om deur middel van ruitransaksies termyndekking aan gemagtigde handelaars in buitelandse valuta te verskaf ten einde dekking te verleen vir hulle oorgekopte of oorverkopte posisies met betrekking tot erkende verpligtigs of eise in buitelandse valuta van hul kliënte. 'n Perk sal egter op hierdie fasilitate geplaas word en sal vir elke gemagtigde valutahandelaar, ingevolge 'n ooreengekome skedule, geleidelik verlaag word.

Voorkeurkoerse vir termyndekking teen dokumentêre bewys van buitelandse handelskrediete

As 'n tydelike maatreël wat daarop gemik is om die neiging teen te werk dat Suid-Afrikaanse invoerders en uitvoerders vanaf duur buitelandse bronnes van financiering na goedkoper binnelandse bronnes omskakel, sal die Reserwebank bereid wees om deur middel van die banke *teen voorkeurkoerse termyndekking te verskaf vir kredietlyne om invoere te finansier*. Hierdie dekking sal egter slegs beskikbaar wees teen dokumentêre bewys van die gebruik van buitelandse

kredietlyne en op voorwaarde dat die vervaldatum van sodanige dekking ooreenstem met die vervaldatum van die betrokke onderliggende buitelandse finansiering. Sodanige dokumentêre bewys sal normaalweg 'n termynkredietbrief wees gestig deur 'n bank en waarin voorsiening gemaak word vir onderhandeling van die termyntrekking deur die buitelandse bank.

Uitvoerders sal op soortgelyke wyse aangemoedig word om voor-uitvoerfinansiering deur die termynmark teen voorkeurkoerse te gebruik. Net soos in die geval van invoere, sal sodanige dekking slegs verskaf word teen dokumentêre bewys van buitelandse kredietlyne en op voorwaarde dat die vervaldatum van sodanige dekking ooreenstem met die vervaldatum van die betrokke onderliggende buitelandse finansiering. Normaalweg sal termyndekking nie in die geval van voor-uitvoerfinansiering verlang word nie, maar kompensierende kontrakte sal ten opsigte van handelskredietlyne wat gebruik word om uitvoere te finansier, toegelaat word, om sodoende uitvoerders in staat te stel om hulle wisselkoersrisiko vir die tydperk van sodanige finansiering te verskans.

Langtermyndekking

- (i) Ten einde die gebruik van langertermynfinansiering vir die invoer van kapitaalgoedere aan te moedig, sal die Reserwebank, met onmiddellike inwerktingtreding, versoek vir termyndekking oor 'n langer termyn, wat ook in ander vrylikoordbare internasionale geldeenhede benewens die VSA-dollar gedenomineer kan word, oorweeg. Hierdie dekking sal vir die volle tydperk (of vir die oorblywende tydperk in die geval van bestaande finansiering) van sodanige langertermynfinansiering aangebied word en sal saamval met die vervaldatum van die onderliggende finansieringstransaksies. Die dekking sal teen markverwante koerse aangebied word.
- (ii) Om die omskepping van fondse wat in die skuldstilstand vasgevang is in langertermynlenings – soos uiteengesit in klousule 12 van die Memorandum tot die Tweede Tussentydse Skuldreëlingsbrief – te vergemaklik, sal die Bank ook versoek oorweeg van Suid-Afrikaanse leners vir termyndekking op langer termyn wat met die aflossingsprofiel van sodanige lenings ooreenstem. Hierdie dekking sal tot slegs VSA-dollars beperk wees, maar sal op versoek ook beskikbaar wees vir omskeppings wat reeds voor hierdie aankondiging gedoen is.

Verklaring oor banktoesighouding en deviesebeheer

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

6 Februarie 1989

Ná oorleg met die Minister van Finansies het die Reserwebank besluit om die volgende stappe te doen om die doeltreffendheid van die Bank se banktoesighouding en deviesebeheer te verbeter.

- (1) Terwyl die Departement Banktoesighouding en die Departement Deviesebeheer sal voortgaan om as afsonderlike entiteite onder hul huidige besture te funksioneer, sal dr A.S. Jacobs, as Senior Vise-president van die Bank, spesifieke verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om die bedrywighede van hierdie twee departemente te koördineer.
- (2) Die Reserwebank gaan sy Departement Deviesebeheer, en in die besonder die Inspeksie-afdeling van daardie Departement, verder uitbrei – 'n proses waarmee reeds enkele maande gelede begin is. In Oktober 1988 was die totale aantal werknemers in daardie Departement 184, waarvan slegs 33 tekenpligtige amptenare was wat gemagtig was om besluite met betrekking tot deviesebeheeraansoeke te neem. Sodanige aansoeke, dit wil sê aansoeke wat of regstreeks aan die Reserwebank gerig is of deur die banke na die Reserwebank verwys word, het oor die afgelope aantal maande ongeveer 1 300 per week beloop. Van die 33 tekenpligtige amptenare was 7 inspekteurs. Teen die begin van Februarie 1989 het die totale aantal werknemers in die Departement tot 193 toegeneem; hiervan is 40 tekenpligtige amptenare, waarby 10 inspekteurs ingesluit is. Verdere uitbreiding word beplan, waaronder die aanstelling van 'n verdere 5 inspekteurs.
- (3) Die Departement Banktoesighouding is ook in die proses om verder uitgebrei te word. Soos die saak tans staan, word die Registrateur en die Adjunk-Registrateur van Banke en Bouverenings deur slegs 4 senior amptenare en deur 'n verdere 14 tekenpligtige amptenare in meer junior posisies bygestaan. Hierdie Departement sal in die toekoms ook meer van gekwalifiseerde rekenmeesters gebruik maak.

Die ondersoeke wat deur die Harms-Kommissie na sekere beweerde oortredings van die Bankwet en van die Deviesebeheerregulasies ingestel is, het die belangrikheid onderskryf, nie slegs van die behoefte aan meer intensiewe en meer uitgebreide banktoesighouding en deviesebeheer nie, maar ook van die behoefte aan *verbeterde koördinasie* tussen hierdie twee wyd uiteenlopende beheerfunksies. Die nuwe maatreëls is bedoel om aan hierdie behoefte te voldoen.

Die monetêre owerhede het self reeds op 'n vroeëre stadium kennis geneem van 'n toenemende neiging om sowel die Bankwet as die deviesebeheerregulasies te oortree en het uit hoofde daarvan 'n reeks maatreëls getref om die doeltreffendheid van die banktoesighouding en die deviesebeheer te verbeter. Hierdie maatreëls het die volgende ingesluit:

- (1) Die Bankwet is met ingang van 22 Julie 1988 gewysig om die Reserwebank se reg van inspeksie uit te brei na individue of instellings wat nie as banke of bouverenigings geregistreer is nie maar wat daarvan verdink word dat hulle die Bankwet oortree deur deposito's van die algemene publiek aan te neem. Voorheen was die Reserwebank se reg van inspeksie tot *geregistreerde* banke en bouverenigings beperk.
- (2) Op 'n vergadering van die Multilaterale Tegniese Komitee oor Finansies – bestaande uit verteenwoordigers van die Republiek van Suid-Afrika en van die TBVC-lande (Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei) wat op 6 September 1988 in Umtata gehou is, is die onbevredigende aard van die huidige regulering van banksake *oor die landsgrense tussen die Republiek en die TBVC-lande heen*, bespreek en is 'n ondersoek van stapel gestuur na metodes en maniere om hierdie toestand te verbeter.
- (3) Op versoek van die Minister van Finansies is daar gedurende die tweede week van Desember 1988 'n werksgroep in die lewe geroep om, in die lig van inligting wat bekom is oor nuwe tegnieke wat na bewering gebruik sou gewees het om die deviesebeheerregulasies te oortree, sekere afgehandelde valutatransaksies nogmaals in oënskou te neem. Hierdie tegnieke het hoofsaaklik oorfakturering en die onwettige gebruik van die finansiële-randmeganisme behels. Hierdie werkgroep het, benewens die Reserwebank se belangrikste Deviesebeheeramptenare en -inspekteurs, ook verteenwoordigers van die Departement van Finansies en van die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie sowel as 'n senior offisier van die Suid-Afrikaanse Polisie ingesluit. Die groep is ook gemagtig om individue uit die private sektor te koopeteer in gevalle waar sodanige persone deskundigheid kon voorsien wat in die Departement Deviesebeheer self nie geredelik beskikbaar was nie. Die twee hoofdoelstellings van hierdie optrede is om moontlike oortredings vir nadere ondersoek aan die lig te bring en om procedures van die de-

viesebeheer, waar nodig, sowel in die Reserwebank as by die ander banke, by die nuwe omstandighede aan te pas en te verbeter.

- (4) In die loop van 1988 het die Departement Deviesebeheer van die Reserwebank ook die samenwerking van 'n aantal staatsdepartemente en van die Instituut van Rekenmeesters aangevra om tegnieke te ontwikkel om die oorfakturering van invoergoedere en ander bedrogspraktyke vir die oorplasing van kapitaal na die buiteland aan bande te lê. Die Instituut het reeds sekere aanbevelings voorgelê en is besig om verder met sy ondersoek voort te gaan.
- (5) Die Reserwebank is nou reeds vir enkele maande besig om opnuut aandag te gee aan die uiters belangrike rol wat die banke wat as gemagtigde valutahandelaars gelisensieer is, by die administrasie van die deviesebeheer vervul. Die ondersoek van die Harms-Kommissie het ook die behoeftte beklemtoon om te verseker dat hierdie banke, wat in die voorhoede van die deviesebeheer staan, hul beheerfunksies met groter ywer en doeltreffendheid uitvoer.

Deviesebeheer kan nooit 'n *plaasvervanger* vir gepaste monetêre en fiskale beleid wees nie. Dit kan veral nooit die behoeftte aan realistiese rentekoerse en wisselkoerse uit die weg ruim nie. Op sy beste is dit 'n *aanvullende* maatreël.

Hierbenewens is deviesebeheer, soos die ondervinding in ander lande getoon het, uit die aard van die saak 'n onvolmaakte beleidsinstrument wat aan sekere inherente swakhede mank gaan. In die eenparige Finale Verslag wat die *Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika* in Mei 1985 voorgelê het, het die Kommissie (paragraue 12.27 en 12.28) hom soos volg oor die saak uitgelaat:

"In Suid-Afrika se redelik ontwikkelde en verfynde finansiële stelsel kan valutabeheer wettig sowel as onwettig op 'n aantal wyses omseil word. Hierdie wyses sluit in die onderfakturering van uitvoergoedere, die oorfakturering van invoergoedere, vals of buitensporige kommissies en sogenaannde 'oordragprysbepaling' – die heeltemal wettige praktyk om pryse in transaksies tussen verwante maatskappye wat in verskillende lande bedrywig is, opsetlik te verwring. Die Kommissie het natuurlik moontlike weë en middele oorweeg om hierdie verskillende skuiwergate doeltreffend toe te stop, maar het tot die gevolg trekking gekom dat sodanige optrede oor die algemeen ernstig inbreuk sou maak op burgerlike vryheid, gevestigde geregtelike procedures en gewone handelspraktyke, sonder enige waarborg vir sukses, en dat dit dus nie aanbeveel kan word nie."

Wat selfs belangriker is, is dat valutabeheer baie min daartoe kan bydra om korttermynkapi-

taalbewegings in die vorm van 'vervroegings' en 'vertragings' in lopende buitelandse betalings en ontvangste te beheer. Hierdie vervroegings en vertragings is normaal en heeltemal wettig en neem dikwels groot afmetings aan in 'n vername handelsland soos Suid-Afrika"

In weerwil van hierdie inherente swakhede van deviesebeheer, bly die monetêre owerhede nietemin daarvan oortuig dat, gegewe die druk en spanning in Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge en in die besonder die bestaan van sanksies en disinvestering, deviesebeheer oor sowel nie-inwoners as inwoners ten aansien van kapitaalbewegings nog steeds noodsaaklik is as 'n aanvulling van die monetêre en fiskale beleid. *En solank as wat dit die geval is, moet die beheer so effektief as moontlik gemaak word.* Dit is met hierdie doel voor oë dat die Reserwebank die reeks maatreëls getref het wat hierbo uiteengesit is.

Dit alles word egter gedoen met behoorlike ingeneming van die behoeftte om te voorkom dat 'n oormatige groot burokratiese beheerstruktuur, met al die daarmee gepaardgaande "rompslomp", in die lewe geroep word, en om te verhoed dat die verskerpte toepassing van deviesebeheer Suid-Afrika se buitelandse handel en algemene ekonomiese ontwikkeling nadelig beïnvloed.

Verklaring oor monetêre beleid

Uitgereik deur dr Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

22 Februarie 1989

Ná oorleg met die Minister van Finansies het die Reserwebank besluit om monetêre beleid verder te verskerp ten einde die koerse van toename in bankkrediet en in die geldvoorraad te verminder.

Met hierdie doel voor oë gaan die Bank sy eie netto binnelandse kredietverlening in die vorm van akkommodasie by die diskontovenster sowel as deur middel van opemarktransaksies, beperk. Hierin lê die sleutel tot beter beheer oor die geldvoorraad, aangesien dit onder die huidige omstandighede die Reserwebank se kredietverlening is wat aan die banke die kontantreserves verskaf wat hulle nodig het om as basis vir uitbreidings van hul diskonterings, lenings, voorskotte en beleggings te dien.

Gegewe die hoë vlak van die ekonomiese bedrywigheid en die gevolglike sterk vraag na krediet wat nog steeds bestaan, sal die voorgenome verminderung van die Reserwebank se verskaffing van kontantreserves aan die banke waarskynlik tot ten minste 'n tydelike verdere stygging in sekere korttermynrentekoerse, waaronder ook die prima-oortrekkingskoerse, aanleiding gee. Dit is 'n onvermydelike gevolg van die minder akkommaderende monetêre-beleidsingesteldheid wat nou aanvaar word.

In ooreenstemming met hierdie verwagte stygging in die korttermynrentekoerse het die Reserwebank besluit om sy koerse vir die herdiskontering van skatkiswissels, Landbankwissels en bankaksepte vir alle bankinstellings behalwe die diskontohuise vanaf 15,0 persent, 15,15 persent en 15,30 persent tot onderskeidelik 16,0 persent, 16,15 en 16,30 persent, dit wil sê met 1 persentasiepunt in elkeen van hierdie gevalle, te verhoog. Dienooreenkomsstige verhogings sal aan die Bank se rentekoerse op oornaglenings aan banke aangebring word. Die nuwe koerse sal met ingang van 23 Februarie 1989 in werking tree.

Terselfdertyd het die Bank besluit om weg te doen met die voorkeurmarge van $\frac{1}{2}$ persent wat voorheen ten opsigte van sy onderskeie herfinansieringsfasilitete aan die diskontohuise toegestaan is. In die toekoms sal die Bank dus slegs een stel herfinansieringskoerse hê wat op sowel die banke as die diskontohuise van toepassing sal wees. Dit is in wese 'n tegniese aanpassing wat aangebring word ter erkenning van die evolusionêre veranderings wat hulle oor die afgelope aantal jare in die funksies van die diskontohuise voorgedoen het en veral van die feit dat die diskontohuise nie langer diens doen as die belangrikste leikanaal waardeur die banke akkommodasie van die Reserwebank opneem nie. Die kern-herdiskonteringskoerse van die Reserwebank bestaan in werklikheid nou reeds vir geruime tyd uit die koerse wat op die

banke van toepassing is, en nie uit die koerse wat van die diskontohuise gevra word nie.

Die term "Bankkoers", wat in die verlede verwys het na die voorkeurkoers waarteen die Reserwebank skatkiswissels vir die diskontohuise herdiskonter het, sal derhalwe in die toekoms betrekking hê op die eenvormige herdiskonteringskoers vir skatkiswissels vir sowel banke as diskontohuise. In die praktyk beteken dit dat die Bankkoers vanaf 23 Februarie 1989 16,0 persent sal beloop, in plaas van die vorige 14,50 persent.

'n Verandering wat hieruit voortvloei, is dat die tradisionele maksimum marge tussen die "Bankkoers" en die prima-oortrekkingskoers van die banke nou 3 persentasiepunte sal bedra, in plaas van $3\frac{1}{2}$ persentasiepunte soos voorheen die geval was.

Daar word verwag dat die beplande verminderung van die Reserwebank se akkommodasie aan die banke stygings van tot 1 persent in die prima-oortrekkingskoerse van minstens sekere banke en in sekere ander korttermyn-uitleen- en depositokoerse tot gevolg sal hê. Dit sal hierdie koerse in die regte verhouding te staan bring tot daardie geldmarkrentekoerse wat oor die afgelope paar weke reeds opwaarts beweeg het, soos die koerse op skatkiswissels, Landbankwissels en bankaksepte. Dit spreek vanself dat geen bank of bouvereniging onder 'n verpligting staan om enigeen van sy uitleenkoerse te verhoog indien hy dit nie self as noodsaklik beskou nie.

Of langtermynrentekoerse, met inbegrip van die koerse op huisverbande en die opbrengskoerse op staatseffekte en semi-prima-effekte, wesenlik deur die verwagte stygging in korttermynrentekoerse beïnvloed gaan word, sal natuurlik van vraag-en-aanbodtoestande in die kapitaalmark afhang. Op hierdie tydstip is dit nie vanselfsprekend dat hierdie langtermynrentekoerse wel in enige beduidende mate sal styg nie.

Die behoefté om monetêre beleid in hierdie stadium meer beperkend te maak, het hoofsaaklik uit drie ontwikkelings ontstaan:

- (1) Die daling in die goudprys van 'n gemiddelde van VSA\$437 per fyn ons in 1988 tot heelwat minder as VSA\$400 per fyn ons oor die afgelope paar weke. Indien dit oor 'n volle jaar bereken word, sou 'n daling in die goudprys van \$50 per ons (teen die huidige wisselkoers van die rand teenoor die dollar) 'n afname in die waarde van Suid-Afrika se jaarlikse goudproduksie beteken van ongeveer \$1 miljard of nagenoeg R2,5 miljard.
- (2) Die verdere stygging gedurende die afgelope aantal maande in rentekoerse in Europa en die Ver-

enigde State tot by vlakke wat in reële terme aansienlik hoër as in Suid-Afrika is.

- (3) Die verdere buitensporige styging in die geldvoorraad gedurende Januarie 1989 tot by 'n peil wat 28 persent hoër is as dié van 'n jaar gelede, wat verdere bewys gelewer het dat sowel die sterkte as die duursaamheid van die oplewing in die binelandse ekonomie gedurende 1988 konsekwent onderskat is.

Daar is aanduidings dat die opwaartse beweging in die totale besteding en in die algemene ekonomiese bedrywigheid begin het om meer horisontaal te verloop en dat 'n boonste draaipunt in die konjunkturgolf, in 'n tegniese sin, of reeds verbygesteek is of binnekort bereik sal word. Voorlopig bly dit egter nog die doelstelling van monetêre beleid om die koerse van toename in die geldvoorraad en in die totale besteding te verminder ten einde inflasie teen te werk en om die betalingsbalans te verstewig.

Opmerkings oor die hersiening van die nasionale rekeninge

In die uitgawe van Maart 1988 van die *Kwartaalblad* van die Suid-Afrikaanse Reserwebank is 'n hersiene stel nasionale-rekeningestatistieke gepubliseer wat 1985 in plaas van 1980 gebruik as die basisjaar vir berekenings teen konstante pryse. Dit was nodig omdat dit geblyk het dat veranderings wat sedert 1980 in die sektorale samestelling van die bruto binnelandse produk en in die relatiewe grootte van individuele bestedingskomponente plaasgevind het, die wegingspatroon van 1980 ongeldig gemaak het en die bestaande ramings teen konstante pryse omskep het in onnoukeurige weergawes van die werklike gebeure in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

In sy kommentaar op die hersienings van 1988 het die Bank in die lig van die naderende vrystelling van sekere sensusverslae, voorsien dat verdere hersienings in berekening gebring sou moes word wanneer die betrokke inligting beskikbaar kom. Voorlopige resultate van die 1984/85-sensus van die fabriekswese is in November 1988 deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel. Om te verseker dat daar ten volle van alle beskikbare inligting gebruik gemaak word, is hierdie en ander gegewens wat onlangs gepubliseer is in 'n redelik omvattende hersiening van die totale stel nasionale-rekeningeramings in berekening gebring.

Gedurende die hersieningsproses het die Departement Ekonomie van die Bank en die Sentrale Statistiekdiens ten nouste saamgewerk. Terwyl die aandag van die Sentrale Statistiekdiens op die ramings van die bruto binnelandse produk teen heersende en konstante pryse en op sekere komponente van die private verbruiksbesteding toegespits is, het die Bank die verantwoordelikheid geneem vir al die hoofkomponente van die bruto binnelandse besteding teen heersende en konstante pryse, asook vir die samestelling van die volledige stel nasionale en sektorale rekeninge vir die Suid-Afrikaanse substreek.

Afgesien van die herberekening van die statistiese ramings van die nasionale-rekeningetotale, het die hersienings ook geleentheid gebied om sekere veranderings in die klassifikasie en aanbieding van die inligting aan te bring.

Alhoewel die hersienings op die oog af omvattend is, is die huidige stel nasionale rekeninge geensins finaal in die sin dat geen verdere hersienings in die toekoms verwag hoef te word nie. Vir 'n aantal sektore van ekonomiese bedrywigheid is geen nuwe brongewens onlangs beskikbaar gestel nie. Wanneer sodanige inligting wel beskikbaar word, sal verdere hersienings van die huidige stel gegewens onvermydelik wees. Hierbenewens sal die stawende gegewens insake onaangetekende en informele ekonomiese bedrywighede, namate dit wyer aanvaarding begin geniet, ook in die amptelike nasionale-rekeningeramings in berekening gebring moet word.

Hersiening van die ramings van die bruto binnelandse produk

Nuwe brongewens wat uit verskillende sensussen ander verslae verkry is, was die belangrikste beweegrede vir die hersiening van die ramings van produksie in die sektore landbou, mynbou, fabriekswese, konstruksie en die handel. In die geval van die vervoersektor is die ramings van die toegevoegde waarde aangepas om die nodige voorsiening te maak vir die toenemende belangrikheid van private vervoer en die gevoldlike groei in die private passasiersvervoerbedryf. Produksie in die tersiere sektore is aangepas in die lig van nuwe inligting ten opsigte van die vergoeding van huisbediendes en hersiene ramings van die toegerekende huurwaarde van huise wat deur hul eienaars bewoon word.

Die gemete groei in die hersiene ramings van die reële bruto binnelandse produk wyk ietwat af van die groeikoerse wat voorheen gepubliseer is. Die jaarlikse groeikoerse is opwaarts aangepas tot -0,8 persent in 1985 en afgeskaal tot 0,3 persent en 2,1 persent in 1986 en 1987, dit wil sê met onderskeidelik 0,4 persentasiepunte, 0,7 persentasiepunte en 0,5 persentasiepunte. Die rigting van die veranderings van kwartaal tot kwartaal in die seisoenaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk het egter breedweg onveranderd gebly. Die derde kwartaal van 1985 was 'n opmerklike uitsondering: die voorheen geraamde toename het hier na 'n daling omgeslaan.

Hersienings van die komponente van die bruto binnelandse besteding

Hersienings van die komponente van die bruto binnelandse besteding is genoodsaak deur die vrystelling van die resultate van die 1985-opname van uitgawes van huishoudings, 'n deurtastende ontleding van sekere komponente van die private verbruiksbesteding, 'n deeglike ondersoek van totale bronne met inligting oor die finansiële aangeleenthede van verskillende owerheidsliggeme en nuwe inligting oor die bruto binnelandse investering wat uit die sensusse van die mynbou en die fabriekswese verkry is.

Hersiene ramings van die private verbruiksbesteding is hoofsaaklik gebaseer op die resultate van die 1985-opname van uitgawes van huishoudings in alle bevolkingsgroepe wat gesamentlik deur die Sentrale Statistiekdiens en die Buro vir Marknavorsing van Unisa onderneem is. Die Buro vir Marknavorsing het ook ramings van private verbruiksbesteding gemaak vir die selfregerende nasionale state en vir Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei, asook in dertien belangrike metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika. Deur 'n samevoeging van al hierdie resultate met die Reserwe-

bank se eie ramings van die private verbruiksbesteding in die nie-metropolitaanse gebiede is 'n raming van die totale private verbruiksbesteding in die hele substreek verkry.

Alle subkategorieë van die private verbruiksbesteding is aan hersiening onderwerp. In baie gevalle is die oorspronklike ramings nie geraak nie of was dit nodig om slegs geringe aanpassings te maak. In ander gevallen moes die ramings egter onteenseglik gewysig word. Onder laasgenoemde gevallen kan die volgende bestedingskategorieë uitgelig word: persoonlike vervoertoerusting, besteding aan drank en tabak, mediese en farmaseutiese produktes en besteding aan dienste soos huur, mediese versorging, vervoer en kommunikasie. Die hersiene ramings van die besteding aan vervoer weerspieël onder andere die toenemende belangrikheid van die private taxibedryf.

Die hersienings het opwaartse aanpassings van die jaarlikse groeikoerse in die reële private verbruiksbesteding van 1,1 persentasiepunte in 1983 en 1984 en van 0,8 en 0,7 persentasiepunte in 1985 en 1986 tot gevolg gehad. Die groeikoers vir 1987 het bykans onveranderd gebly. Die nuwe ramings van kwartaallikse syfers asook nuwe seisoensfaktore het geringe hersienings van die groeikoerse van kwartaal tot kwartaal in die seisoensaangesuiwerde reële private verbruiksbesteding tot gevolg gehad.

Die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid is hersien in ooreenstemming met die jongste inligting wat vervat is in die verslae van die Ouditeur-Generaal vir talryke owerheids- en buitebegrottingsinstellings en in onlangse opnames van die inkomste en uitgawes van plaaslike owerhede wat deur die Sentrale Statisiekondis geskoen is. Daar dien op gelet te word dat, die buitebegrottingsposte ook die selfregerende nasionale state en die owerheidsrekeninge van Transkei, Bophuthatswana, Ciskei en Venda insluit. Die amptelike finansiële verslae van sommige van hierdie instellings word dikwels eers ná aansienlike vertraging vrygestel. Die benutting van al die beskikbare brongewens het meegebring dat hersiene ramings van die owerheidsverbruiksbesteding tot so ver terug as 1980 opgestel moes word. As gevolg hiervan is die jaarlikse groeikoerse van die reële owerheidsverbruiksbesteding verander met marges wat in absolute syfers tussen 0,3 en 2,5 persentasiepunte gewissel het. 'n Opwaartse hersiening van 2,5 persentasiepunte moes vir 1985 aangebring word in die lig van die feit dat finale syfers wat beskikbaar gestel is, 'n hoër vlak van indiensneming en arbeidsvergoeding aangedui het as wat voorheen beraam is. Die kwartaallikse veranderings in die verbruiksbesteding deur die algemene owerheid is uit die aard van die saak ook deur die hersienings van die gegewens beïnvloed.

Gegewens oor kapitaalbesteding wat vervat is in die mynbousensus van 1984 wat in November 1987 vrygestel is, voorlopige resultate van die sensus van die fabriekswese van 1985 wat in November 1988 vryge-

stel is, die 1982-sensus van konstruksiebedrywigheid wat in Oktober 1987 vrygestel is en die 1985-verslag oor goedgekeurde bouplanne en geboue voltooi, was die belangrikste statistiese bronne vir die nuwe ramings van die bruto binnelandse vaste en voorraadinvestering. Die landbousensus van 1981, 1983 en 1985 is in Augustus en November 1987 beskikbaar gestel en die sensus van 1986 en voorlopige resultate van die sensus van 1987 is in Oktober en Desember 1988 vrygestel. Al hierdie sensusse en sensusresultate is by die finalisering van die investeringsramings in aanmerking geneem.

Die netto resultaat van hierdie hersienings was matige opwaartse aanpassings van die reële bruto binnelandse vaste investering in 1982, 1983 en 1984 en soortgelyke afwaartse aanpassings ten opsigte van 1985, 1986 en 1987. Veranderings in die reële voorrade is afwaarts aangepas vir 1982 maar vir die tydperk sedert 1983 is die ramings van die veranderings in die reële-voorraadvlake nou hoër as die vorige ramings.

Hersienings van die financiering van die bruto binnelandse investering

Veranderings in die inkomste en besteding van huis-houdings, maatskappye en die algemene owerheid het onvermydelik ook 'n invloed op die besparingsverhoudings van hierdie bestedingsbesluitnemers. Die hersiening van gegewens het 'n soortgelyke uitwerking. Die hersiening van die ramings van inkomste en uitgawes het veranderings in die algehele vlak van die besparing teweeg gebring, maar die breeë neigings in en verhoudings van die besparingsgedrag wat uit die vorige ramings na vore gekom het, het in wese onveranderd gebly. Die besparing deur die algemene owerheid het egter van negatiewe bedrae in 1982 en 1983 na klein positiewe bedrae in hierdie twee jare omgeslaan.

Hersienings van tabelle

Een tabel in die bestaande stel gepubliseerde tabelle bevat inligting oor die samestellende dele van die nasionale inkomste en die besteding van die nasionale inkomste. 'n Nuwe tabel is ontwerp met die uitdruklike doel om die toedeling van die nasionale beskikbare inkomste tussen verbruik en besparing te toon.

Ander aanpassings

Ander aanpassings is gemaak op grond van die herklassifikasie van die voormalige staatsbeheerde instellings, Sasol Een en Sasol Twee, as private sake-onderneemings in plaas van openbare korporasies. Alhoewel hierdie statusverandering reeds op 'n vroeëre stadium plaasgevind het, is die betrokke herklassifikasie teruggehou totdat 'n omvattende hersiening van die nasionale rekeninge onderneem kon word.